# PREEKBEGELEIDING / KINDERKERK

***deur Jan-Harm van Jaarsveld****

Hoe rym Gereformeerde verbondsteologie met verdaging / uitstuur / verwydering tydens openbare erediens, van verbondskinders deur hulle verbondsouers en onder toesig van ouderlinge?

Dit is duidelik dat daar groot verwarring is oor betekenis van die onderstaande woorde / begrippe: Die mens wil mos altyd alles reduseer om dit beter te kan verstaan en so uiteindelik te kan beheer. Die geheel is egter altyd meer as die dele. Jy as mens, is meer as jou atome. Dieselfde geld met al die woorde en begrippe hieronder. Die oomblik wat jy kinders uit die erediens verwyder vir preekbegeleiding, gee jy daarmee te kenne dat die erediens uit ‘n paar losstaande liturgies elemente bestaan. Die geheel van die erediens is dus nie, die alles omvattende metafisiese ontmoeting met God nie, maar volgens die mens dan, ‘n paar losstaande liturgies momente, wat na willekeur aan verander kan word, sonder die besef dat die geheel van die ontmoeting (erediens) dan opgebreek word nie.

Die arm word van die liggaam afgeskeur en tydelik na ’n ander lokaal verskuif. Die enigste manier hoe dit moontlik kan wees is as die arm ‘n prostese was. Is die kinders dan kunsmatige ledemate wat dus na willekeur afgehaal en verwyder en vervreem kan word van die liggaam? Die liggaam is mos ’n eenheid en God het spesifiek hierdie metafoor gebruik om aan te dui dat jy nie een liggaamsdeel kan verwyder nie, maar dit as ’n eenheid/geheel moet beskou.

Daar is, soos hieronder uiteengesit, ‘n kousale verband tussen al die elemente van ‘n Erediens. Die een liturgies element roep die ander een op en elke opeenvolgende liturgiese element verky sy doel en betekenis uit die vorige een, om dan uiteindelik almal as geheel, die Erediens te vergestalt.

Daar is ’n goue draad wat vanaf Genesis tot Openbaring loop en al hierdie onderstaande woorde en begrippe in ’n heilige eenheid verbind. Met die gevolg dat indien jy tydens die erediens die **preek met preekbegeleiding vervang** en **kinders** uit die **erediens** en uit hulle **gesinsverband** verwyder, verander jy die betekenis van die woorde soos in God se Skrif geopenbaar en gedefinieer. Dit word dan mensewoorde en definisies.

| BYBELSE OPENBARING | MENSLIKE INTERPRETASIES |
|---|---|
| **AANBIDDING** | |
| Soos deur God bepaal | Mense pogings / idees / versinsels |
| **PLEK VAN AANBIDDING** | |
| ‘n Ontmoeting is op ‘n plek | Ontmoet nie iemand tegelyk op 2 plekke nie |
| **AANGENEEM** | |
| Ouers en kinders | Nie kinders |
| **AANGESIG** | |
| Almal verskyn voor Sy aangesig | Verwyder kinders van Sy aangesig af weg |
| **AFGESONDER / GEHEILIG** | |
| As God se kinders | Uitgesluit kinders |
| **BEDIENAAR / BOODSKAPPER** | |
| Gestuurde | Gelastigde / Iemand met gawes |
| **BELOFTES** | |
| Aan God se kinders | Uitgesluit kinders? |
| **BEWERK** | |
| Heilige Gees | Gelastigdes met gawes |
| **PLEK VAN BEWERKING DEUR DIE HEILIGE GEES** | |
| In die erediens | Waar die mens besluit |
| **BYEENKOMS / VERGADERING** | |
| God se kinders | God se kinders, uitgesluit die jongstes |
| **CHRISTUS SE TEENWOORDIGHEID EN WERKING** | |
| Die Erediens in geheel | Nie tydens Prediking nie |
| **DEEL WEES VAN / AAN EREDIENS** | |
| Al die lidmate is deel | Uitgesluit kinders? |

<table>
<tr><th colspan="2">DOOP</th></tr>
<tr><td>Ingelyf as lidmate</td><td>Kinders nie ingelyf?</td></tr>
<tr><th colspan="2">DOOPBELOFTES</th></tr>
<tr><td>Vir al die lidmate</td><td>Vir kinders?</td></tr>
<tr><th colspan="2">EENHEID VAN GELOWIGES</th></tr>
<tr><td>Alle lidmate is gelowiges en vorm daarom ‘n eenheid</td><td>Eenheid word verbreek met die verwydering</td></tr>
<tr><th colspan="2">EENHEIDSLYN IN EREDIENS</th></tr>
<tr><td>Al die liturgiese elemente vorm ’n eenheid in die erediens</td><td>Verwydering van kinders verbreek die eenheid</td></tr>
<tr><th colspan="2">EIENDOM VAN GOD</th></tr>
<tr><td>Alle lidmate is God se eiendom</td><td>Kinders?</td></tr>
<tr><th colspan="2">EREDIENS</th></tr>
<tr><td>Die geheel van die liturgies elemente, insluitend die prediking</td><td>Uitgesluit die prediking</td></tr>
<tr><th colspan="2">FAMILIE</th></tr>
<tr><td>Ouers en al hul kinders</td><td>Kinders nie deel van familie?</td></tr>
<tr><th colspan="2">GEBOU / TEMPEL</th></tr>
<tr><td>Daar waar die erediens plaasvind</td><td>Nie die plek van preekbegeleiding, waar ’n gedeelte van die liggaam verkeer nie</td></tr>
<tr><th colspan="2">GEDOOP TOT EEN LIGGAAM</th></tr>
<tr><td>Dus, al die lidmate in een liggaam ingelyf deur die doop</td><td>Kinders nie deel van liggaam nie ?</td></tr>
<tr><th colspan="2">GEHEEL</th></tr>
<tr><td>Al die lidmate vorm in alles wat hulle is en doen, ‘n geheel</td><td>Kinders nie deel van die geheel?</td></tr>
<tr><td colspan="2"></td></tr>
</table>

| | |
|---|---|
| **GELOWIGES** | |
| Almal deur die doop ingelyf | Kinders nie meer ingelyf nie? |
| **GEMEENTE** | |
| Vergadering van die gelowiges | Kinders nie gelowiges? |
| **SAMEKOMS / GEMEENSKAP VAN HEILIGES / GELOWIGES / VERLOSTES** | |
| Al bogemelde kom saam | Kinders apart / weggestuur |
| **GESLAGTE** | |
| Grootouers / Ouers / kinders / kleinkinders | Kinders nie ingesluit in geslagte? |
| **GOD DIE VADER** | |
| Alles gelowiges is sy kinders | Kinders? |
| **HEMELSE VERGADERING** | |
| Al die uitverkores in God se teenwoordigheid in sy troonkamer | Kinders afwesing tydens Prediking |
| **HERDER** | |
| Van al Sy skape, lammers ingesluit | Lammers uitgesluit |
| **HUISGESIN** | |
| Pa, ma, boetie, sussie en baba | Kinders nie deel van huisgesin nie? |
| **INISIATIEF** | |
| God neem Inisiatief, soos met die verbond, so ook met die erediens | Mense neem die Inisiatief om die kinders te bereik |
| **KERK** | |
| *Kuriakè / eiendom van die Here*<br>*Ecclesia / uitgeroepenes* | Kinders eiendom / uitgeroepenes van die Here? |
| **KINDER/S VAN GOD** | |
| Voor geboorte tot afsterwe | Nie kinders nie? |
| | |

| | |
|---|---|
| **KUDDE / LAMMERS / SKAPE** | |
| Skape en lammers | Al die lammers? |
| **LIDMATE / LIDMAATSKAP** | |
| Almal ingelyf deur die doop | Kinders nieingelyf deur die doop nie? |
| **LITURGIE** | |
| Handelinge wat daartoe dien dat almal God deur sy Woord en Gees (Joh. 4:23) ontmoet, aanbid, verheerlik, eer en dien | Kinders is dus van die volle ontmoeting uitgesluit |
| **MEKAAR / ONS** | |
| Al die lidmate | Waar is kinders. Nie deel van ons / mekaar? |
| **PREDIKER / PREDIKANT** | |
| Geroepene van God wat met gesag van God preek en wettiglik deur Kerkraad beroep is | Enigiemand met gawes |
| **PREDIKING** | |
| Die prediking is die knooppunt in die ontmoeting in die samekoms, want God kom aan die woord en die prediking het die Woord as opdrag | Ontmoeting met God word ongedaan gemaak deurdat die kinders nie die prediking bywoon nie |
| **ROEP** | |
| GOD roep sy kinders om te vergader om Hom te aanbid volgens sy voorkrifte, in die erediens | Mense het nie gesag om te roep en te bepaal hoe aanbidding / erediens moet plaasvind nie en wie van die gemeente, waar mag wees, of nie |
| **SABBAT** | |
| Met die gemeente van God saamkom | Kinders is deel van gemeente? |
| **STENE VAN GEBOU** | |
| Alle gelowiges is stene van ’n gebou | Gebou kan nie staan as jy sekere stene na willekeur verwyder |

| | |
|---|---|
| **TEENWOORDIGHEID** | |
| God is teenwoordig by die samekoms van die geheel van die gemeente en gedurende die geheel van die erediens | Kinders word uit Sy teenwoordigheid geneem |
| **TOESIG OUERS** | |
| Verbondsbelofte van ouers om toesig te hou | Kinders onder toesig van ouers verwyder |
| **UITVERKIESING** | |
| Uitverkies om God te dien o.a. in die erediens | Kinders ook? |
| **VERBIND AAN / MET** | |
| Alle gelowiges verbind aan God en ook aanmekaar in die erediens | Kinders ook? |
| **VERBOND / VERBONDSMATIG / VERBONDSKINDERS** | |
| Kinders, net soos die volwassenes in die verbond van God en sy gemeente ingesluit is | Kinders ook? |
| **VERHOUDING** | |
| Innige verhouding en ontmoeting tussen God en sy kinders, wat in die liturgie sentraal staan | Verwyder die kinders en jy verbreek die innige verhouding en ontmoeting |
| **VERKONDIGINGSPAD** | |
| Die Gees, deur Woordverkondiging, dit wil sê die prediking kom na ons toe en deur die Woord werk Hy in ons. | Prediking, nie kinderstories/aktiwitiete nie |
| **VERSAMEL** | |
| Die wese van die kerk is daarom die "van in-die-erediens-versamelde" gemeente | Versameling word opgebreuk in 2 met verwydering van kinders |
| **VERSTAAN / VERSTAND** | |
| Hoewel ons kinders hierdie dinge **nie** | Uitsluitingsbegrip van kinders ogv kennis is |

| | |
|---|---|
| **verstaan nie**, mag hulle nogtans nie daarom van die doop uitgesluit word nie, | onskriftuurlik. Kom neer op ‘n werketeologie |
| **WOORDDIENS** | |
| Skriflesing en Prediking in die Erediens | Woorddiens geskei en is dus nie meer Woorddiens as deel van die Erediens nie |

Die begrip preekbegeleiding is misleidend, want dit skep die illusie dat dit darem nog steeds ‘n preek is.

Verder om te beweer dat die preekbegeleiding ‘n verlengstuk van die erediens is, is totaal ongegrond en onskriftuurlik.

Ons doel is **nie** om kinders van verbondsouers **te bereik nie**, maar om hulle **in God se heilige teenwoordigheid te bring,** dat Hy deur sy Heilige Gees hulle bereik op die wyse en plek soos deur Hom beveel. Want God roep ons op, om Hom te eer. Ons roep nie die diens op nie en kan daarom net ‘n liturgie volg wat skriftuurlik is!

Ons het nie beskikkingsmag oor God om te bepaal in watter vertrek hy orals moet wees om alle denkbare groep of groepering ter wille te wees nie.  God is alomteenwoordig maar bepaal spesifiek al vir 6 000 jaar, waar en hoe, ons as uitgeroepenes hom moet aanbid en eer. Mattheus 18: 15 – 20, word altyd misbruik om te probeer aandui dat God dan teenwoordig is waar 2 of 3 in sy naam vergader. Daardie verse het met die gesag van die Kerk te doen en nie met eredienste nie. Mens kan nie God se karaktereienskap (alomteenwoordig) gebruik om Sy uitdruklike bevele, vir die daarstelling van ‘n ontmoeting in Sy teenwoordigheid, op ‘n bepaalde plek, te wysig nie.

Die praktyk van ‘preekbegeleiding en kinderkerk’ is dus onskriftuurlik en ongereformeerd soos hieronder gemotiveer. Dit is dus strydig met die Skrif, asook wat ons in navolging van die Skrif bely in Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus en Kerkorde.

## INDEKS

**DIE REGULERENDE BEGINSEL VAN DIE EREDIENS/AANBIDDING,** *Ds. S Le Cornu* **9**

**DIE KERK (DIE KOSBARE GOUD)** *Ds. W. J. SNYMAN* **14**

**HK SONDAG 38: VRAAG & ANTWOORD: 103,** *Dr AH Bogaards* **18**

**NGB ARTIKEL 27: DIE ALGEMENE CHRISTELIKE KERK** **19**

**HK SONDAG 21: - VRAAG EN ANTWOORD: 54,** *Dr AH Bogaards* **21**

**HK SONDAG 21: - VRAAG EN ANTWOORD: 55,** *Dr AH Bogaards* **23**

**NGB ARTIKEL 28: ELKEEN IS VERPLIG OM BY DIE WARE KERK AAN TE SLUIT** **23**

**NGB ARTIKEL 29: DIE KENMERKE VAN DIE WARE EN DIE VALSE KERK** **24**

**HK SONDAG 25: VRAAG & ANTWOORD 65, 66 & 67,** *Dr AH Bogaards* **24**

**NGB ARTIKEL 34: DIE HEILIGE DOOP** **25**

**HK SONDAG: 27: VRAAG & ANTWOORD: 74** **26**

**FORMULIER VIR DIE BEDIENING VAN DIE HEILIGE DOOP AAN KINDERS (A)** **26**

**DOOPBELOFTE / VERBONDSODERRIG** **28**

**FORMULIER VIR DIE BEDIENING VAN DIE HEILIGE DOOP AAN KINDERS (B)** **28**

**DIE AARD EN BEGRONDING VAN 'N SKRIFGEFUNDEERDE LITURGIE,** **29**

*S.P. van der Schyff & B.J. de Klerk*

**RAPPORT VAN LITURGIE (Artt.85, 150, 160, 239),** *Dr. B.J. de Klerk. 1997 (ACTA)* **32**

**LITURGIESE HANDELINGE AS ONTMOETING MET GOD,** *B. Spoelstra* **36**

**DIE PREEK AS LITURGIESE HANDELING,** *Van der Walt JJ* **38**

**AANBIDDING: "KOM IN SY VOORHOWE",** *Prof. Dr JP Jooste* **40**

**DIE KERK SIGBAAR GESTALTE AANNEEM,** *Prof GJC Jordaan* **41**

**DIE EREDIENS AS GEMEENSKAP / KOINONIA,** *AC Barnard* **42**

**DIE WONDER VAN DIE EREDIENS,** *Prof Dries Du Plooy* **43**

**DIE EREDIENS,** *Prof. Dr. AC Barnard* **45**

**DIE TEENWOORDIGHEID VAN CHRISTUS IN DIE EREDIENS,** *Prof Dr AC Barnard* **47**

**VERHOUDING SKRIFLESING, PREDIKING, GEBED EN DIE EREDIENS,** *BJ De Klerk* **47**

**HEILIGE GEES, SKRIFLESING IN SAMEKOMS VAN DIE GEMEENTE,** *BJ De Klerk* **49**

**DIE HEILIGE GEES EN DIE PREDIKING IN DIE EREDIENS,** *BJ De Klerk* **50**

**DIE EREDIENS IN SY VOORLOPIGE EN EWIGE GESTALTE,** *A.C Barnard* **50**

**DIE REGULERENDE BEGINSEL VAN DIE EREDIENS/AANBIDDING**

**AANBIDDING IN GEES EN WAARHEID S Le Cornu (ESRA – VERSLAG NR. 55)**

God is Gees; en vir die wat Hom aanbid, is dit **noodsaaklik om** in gees en waarheid **te aanbid**."- Jesus Christus (Joh.4:24) Lees: Joh.4:1-26 (spesifiek vv.19-26)

*"noodsaaklik"- Griekë teks (Die onpersoonlike werkwoord dei (bei) kan vertaal word as 'n 'moet' of 'dit is noodsaaklik'. Laasgenoemde versterk die betekenis van "Beslis, volstrek nodig; onmisbaar; (iets) wat nie vermy kan word nie" (HAT)).*

**Mengelmoes aanbidding:**

…Solank ons nog almal glo in Jesus se Godheid, moet ons ons nie te veel bekommer oor aanbiddingsverskille nie," is baie kerkmense se versugting vandag.

…ja, aanbidding is opsigself belangrik, niemand mag dit ontken nie. Maar dit is die 'dat' ons aanbid wat belangrik is, nie die 'hoe', 'wyse' of 'manier' van aanbidding wat belangrik is nie... laasgenoemde hang af van die mens se behoeftes, kultuur en tradisies, waar 'ek' tuisvoel. Sommiges sal sê elkeen se 'aanbiddingsbehoeftes' bepaal daarom hul 'hoe' van aanbidding.

… dus, die eerste gebod is 'n beginselsaak, die tweede gebod 'n middelmatige saak.

Die gevolg hiervan is dat ons soveel verskillende "teologieë van aanbidding" kry as wat daar kerke is. Sodoende lei, myns insiens, nie net die waarheid nie, maar ook die eenheid van die 'heilige, algemene Christelike kerk" daaronder, wêreldwyd.

Prof. Barry Gritters verdeel moderne afvallige aanbiddingsbenaderings in drie groepe: een daarvan:

- 'seeker-service' aanbidding, waarin die 'behoeftes' van die verskillende groepe mense sentraal staan **(dit lei gewoonlik tot 'kinder' en 'jeug' kerke)**, wat gewoonlik in 'evangeliese kerke' te vinde is;

Ter agtergrond hiervan moet verstaan word dat veral in die 20ste eeu, miljoene mense se siening en ervaring van aanbidding radikaal begin verander het, deur die geskiedenis en invloed van die sogenaamde **Liturgiese Beweging (LB)**. Die LB word beskryf as "part of the reawakening of the Church" in die twintigste eeu, aangesien die kerk en Christelike waardes 'n groot terugslag gekry het deur verskillende moderne filosofieë vanaf die 17de eeu, die gevolg van

twee wêreldoorloë en allerlei verskillende konflikte wêreldwyd. Die LB het ander tekste, style, konsepte en selfs geboue na vore gebring, as alternatief vir tradisionele vorme van aanbidding. Sodoende is ook die manier waaroor gedink is oor aanbidding verander.

**"En ek wil die stelling maak, dat dit juis die liturgie / die inrigting van die erediens en hoe ons aanbid, die brug is of gaan word waarmee die protestante teruggeneem word na 'moeder Rome'" (SLC).**

Al hierdie ontwikkelinge en **deformasie in die erediens en aanbidding**, is slegs 'n klein blik op die 'mengelmoes' chaos en veranderinge wat plaasvind in die kerke wêreldwyd, veral op die terrein van erediens en aanbidding. In 1 Tim 3:15 lees ons dat Paulus vir Timoteus sê dat hy op grond van God se Openbaring, gelei deur die Gees van God - *"weet hoe iemand hom moet gedra in die huis van God, wat die gemeente is van die lewende God, 'n pilaar en grondslag van die waarheid"* is. Dus daar waar God spesifiek en veral aanbid moet word moet ons ook vandag 'weet' hoe ons God moet aanbid.

**GEREFORMEERDE AANBIDDING**

Die sestiende eeuse reformasie, was nie net 'n herontdekking van die *'verlossing uit genade, deur die geloof alleen'* (Rom.1:16,17; Ef.2:8-10) sola gratia/sola fide/sola Christi waarheid nie, maar ook 'n herontdekking en terugkeer na 'n 'sola Scriptura' **vorm van aanbidding en erediens**. Calvyn:

**"As dan gevra sou word wat die belangrikste dinge is waardeur die Christelike geloof onder ons vasstaan, en sy waarheid behou, sal gevind word dat die volgende twee dele nie alleen die belangrikste plek beklee nie, maar daaronder ook al die ander dele insluit, en daarom die hele inhoud van die Christelike godsdiens is, naamlik, eerstens, 'n kennis van die manier waarop God reg aanbid moet word, en, tweedens, die bron waarvandaan verlossing verkry word. As ons hierdie twee dinge nie reg insien nie, hoewel ons mag roem in die naam Christene, is ons aanspraak leeg en waardeloos"**.

Die doel van al die sola's, was dat God alleen in alles sentraal sal staan en al die eer ontvang (Rom.11:33-36), d.w.s. in die mens se verlossing én die mens se aanbidding van God. Calvyn se woorde is ook die belydenis van elke gereformeerde gelowige en gemeente, soos verwoord in die volgende woorde van die **Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 7**:

*Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo (die tweede punt van Calvyn SLC), daarin voldoende geleer word.*

*Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word (die eerste punt van Calvyn), daarin uitvoerig beskrywe word, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie-ja, al was dit ook 'n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê (Gal.1:8). En aangesien dit verbode is om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat (Deut.12:32), blyk dit duidelik dat die leer daarvan heeltemaal volmaak en in alle opsigte volkome is....*

William Cunningham skryf in sy standaardwerk oor die teologie van die Reformatore, dat daar in antwoord op Rome se valse erediens, twee beginsels aangaande die erediens ontstaan het, onder die Protestantse Reformasie van die 16de eeu. Die een is die **Luthers-Anglikaanse beginsel**, wat leer *"dat die kerk in die regering en erediens nuwighede mag inbring, wat nuttig en bruikbaar is, met die nodige volmag, solank dit net aangewys kan word dat daar nie enigiets in die Skrif is wat dit eksplisiet verbied of ontmoedig nie"*. Die ander siening was die **Calvinistiese siening**, wat oortuig was dat *"daar in die Skrif genoegsame duidelike aanduidings is, dat dit Christus se sin en wil was, dat niks in die kerk se regering en erediens ingevoer mag word, behalwe as 'n positiewe volmag daarvoor in die Skrif gevind kan word nie."*

Deur die geskiedenis is eersgenoemde beginsel dan kortliks soos volg geformuleer *"Solank dit nie verbied word nie, is dit toelaatbaar"*, teenoor die reformatiese stelling: *"As dit nie beveel word nie, is dit verbode"*. Laasgenoemde het dan ook bekend geword as die **'regulerende beginsel'** van die erediens/aanbidding (**RBE**). Prof. John Murray verklaar dit as volg:

*"Die aanvaarbare wyse van die aanbidding van God is deur Homself ingestel, en word so deur sy geopenbaarde wil beperk, dat Hy in geen ander manier aanbid mag word as wat in die Heilige Skrif beveel is nie; dit wat nie beveel is nie, is verbode."*

Hervormers soos Martin Luther (en Thomas Cranmer, van die Anglikaanse Kerk) het die 'Luthers-Anglikaanse beginsel van aanbidding' gevolg, nl. "solank dit nie verbied word nie, is dit toelaatbaar", en so naby aan Rome gebly aangesien Luther "... van die Roomse erediens alles behou (het) wat hy as nie in stryd met die Skrif beskou het nie, soos beelde, kerse, altare, priestergewade, ens. "

Teenoor hierdie siening, het die Calvinistiese reformasie van Zwingli, Calvyn en Knox (en die gereformeerde kerke wat hul sou volg) gestaan:

... verder het (Zwingli) die predestinasieleer bely en in die erediens van dieselfde standpunt as Calvyn uitgegaan, naamlik dat alles verwyder moes word wat nie uitdruklik in die Heilige Skrif voorgeskrywe word nie.

Calvyn skryf daarom aangaande **die erediens**:

*Ek weet hoe moeilik dit is om die wêreld te oortuig dat God alle maniere om Hom te vereer wat nie uitdruklik in sy Woord goedgekeur word nie, afkeur. Die teenoorgestelde oortuiging kleef hulle aan -asof dit in hulle murg en bene vassit dat wat hulle ookal doen vanself aanvaarbaar is, solank dit maar 'n soort ywer vir die eer van God vertoon. Maar aangesien God dit wat ons doen uit ywer om Hom te vereer, maar wat verskil van sy bevel, nie net as waardeloos beskou nie, maar dit eenvoudig verafsku... waarom dit dan doen? Die woorde van God is duidelik en seker: 'om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer', en 'tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is (1 Sam.15:22; Matt.15:9). Elke byvoeging tot Sy Woord, is 'n leuen. Blote 'eiesinnige godsdiens' (ethelothreskeia) is nietigheid."*

Die **RBE** word dan ook eksplisiet en implisiet in ons gereformeerde belydenis gevind, o.a. NGB artikel 7; artikel 32; 34, 35 en vraag en antwoord 91 en 96 van die HK.35 Tydens 'n lesing gehou by die 2001- International Conference of Reformed Churches (ICRC), stel ds. GI Williamson dit dat die RBE:

*nog nooit êrens helderder uitgedruk is as in die Heidelbergse Kategismus nie: 'Ons mag God op geen enkele manier afbeeld nie, en Hom op geen manier vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie.' ... Ursinus... het dit as volg verduidelik: 'Die doel en die rede vir hierdie gebod is dat die ware God ... vereer moet word op die manier ... wat Hom behaag,* ***en nie deur 'n erediens volgens die verbeelding en gedagtes van die mens nie...*** *(en) dat die erediens van God soos dit voorgeskryf is, suiwer en onvermeng bewaar moet bly.' Of sommer kortweg: 'Om God waarlik te vereer, beteken om Hom te dien op die manier wat Hy self voorgeskryf het...*

**Gijsbert Voetius**, 'n afgevaardigde na die Sinode van Dordt (1618/19), beantwoord in sy kommentaar op die Heidelbergse Kategismus aangaande die tweede gebod (Sondag 35), met verwysing na Deut.4:2; 12:32; Matt.15:9; Kol.2:21-23, die vraag hoe die tweede gebod verbreek word, as volg:

*Wanneer men hem door beelden wil eeren ende dienen, ofte wanneer men hem wil dienen op soodanige wijse, die daer directelick tegen Godts woort strijt, ofte die buyten Gods woort is,*

*gefondeert op instellingen van menschen, of op ons eygen goetduncken; gelijck geschiet onder die van't Pausdom door hare ceremonien ende menschlicke traditien.*

**Calvyn** het in 'n aanhangsel tot sy Formulier vir die bediening van die Doop vir gebruik in die kerk van Geneva, soos volg geskryf:

*"Ons weet dat op ander plekke daar baie seremonies is wat baie oud is, maar omdat hul uit eie plesier uitgedink is... is dit onbelangrik, omdat dit uitgedink is sonder die gesag van God se Woord; en omdat, aan die anderkant, soveel bygelowe daaruit ontstaan het, dat ons geensins daarin getwyfel het om dit af te skaf nie, sodat daar niks is wat die mense keer om direk na Christus te gaan nie.* ***Eerstens, wat nie beveel is nie is ons nie vry om te kies nie****. Tweedens, niks wat nie dien tot opbou nie moet in die Kerk ontvang word nie."*

Prof. David J. Engelsma, nadat hy die regulerende beginsel verantwoord het in die lyn van die kontinentale gereformeerde tradisie, skryf as volg:

*"In hul verdediging van die regulerende beginsel het beide Ursinus en Voetius (nie puriteine of presbiteriane nie SLC) hulself as getroue dissipels van Johannes Calvyn bewys, wat die derde verteenwoordiger is van die Gereformeerde tradisie****. Ek verbaas my oor die vermetelheid, of onkunde van Gereformeerde teoloë en predikante vandag wat die regulerende beginsel laat vaar en Gereformeerde aanbidding oopmaak vir eiewillige, willekeurige en grillerige seremonies wat progressiewe aanbidding karakteriseer.*** *Of hulle weet nie, of hul gee nie om dat Calvyn die regulerende beginsel geleer het nie.* ***Of hul weet dit nie, of hul gee nie om dat Calvyn daarop aangedring het dat die regulerende beginsel 'n noodsaaklikheid vir die ware Gereformeerde godsdiens is nie, want hy het die verwerping van die regulerende beginsel gesien as 'n groot deel van die oorsaak vir die Rooms Katolieke bygeloof en afgodery****.*

Dit sou myns insiens(SLC) eerliker en beter wees om dit te stel dat daar nie saamgestem word met sekere toepassings van die **RBE** nie, as om te wil probeer beweer dat die RBE is opsigself nie bybels en gereformeerd histories verantwoordbaar nie. Dit sal verdere gesprekke en besinnings bevorder.

In ons eie land, met die herstigting van die GKSA, het die regulerende beginsel, soos verwoord in NGB artikel 7 en HK, Sondag 35, ook 'n sentrale rol gespeel, bewustelik of onbewustelik. Dr. GCP van der Vyver wys daarop dat die Doppers hul o.a. beroep het op skrifgedeeltes soos Deut.4:2; Matt.15:9 en Op.22:19, om te bevestig:

*“dat die invoer van die Gesange gelykstelling was van 'n menslike geskrif met die geïnspireerde Woord van God. Met 'n beroep op art.7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis het hulle die Woord van God as volmaak en genoegsaam beskou, waaraan niks toegevoeg mog word nie. Die Gesange naas die Psalms in die erediens het hulle beskou as sodanige toevoeging.”*

Dit is my mening(SLC) dat ons die aanslag van hulle wat krities staan teenoor die Skrif, en die gesag van die Skrif verwerp of verdraai aangaande die erediens, alleen kan weerstaan met die **RBE** van die Skrif, soos gehandhaaf en bely deur die Calvinistiese Reformatore en die gereformeerde belydenisskrifte, en nie met die Luthers-Anglikaanse sienings van Luther en Cranmer nie, wat vandag groot veld wen onder gereformeerde kerke.

## DIE KERK (Die Kosbare Goud)

**Ds. W. J. SNYMAN, B.A. (Teol. Drs.)**

### 1. DIE WOORD "KERK".

(a) Ons Belydenis verstaan daaronder: 'n "heilige **vergadering van almal** wat waarlik in Christus glo". Dus, die **gelowiges as groot geheel**, en wel "van die begin van die wêreld af .... tot aan die einde toe" (Ned. Geloofsbelydenis, Art. 27). In die volgende artikel word "kerk" egter gebruik vir gelowiges in plaaslike verband, deur ons gewoonlik "gemeente" genoem. Die Heidelb. Kategismus vervang weer "kerk" deur "gemeente" (Sondag 21), en gebruik dan die woord "gemeente" vir al die gelowiges saam. So ook die Kerkorde (Art. 1). Hier sien "**gemeente**" op die kerk as geheel, maar dan ook weer op 'n "plaaslike gemeente" (Artt. 4 en 5). In hierdie selfde artikel word die "plaaslike gemeente" ook "kerk" genoem, en word gespreek van kerke (Art. 4) in dieselfde sin as van gemeentes (Art. 5).

Hieruit is duidelik: Die onderskeiding dat "gemeente" 'n versameling sou wees van *persone* (gelowiges) en "kerk" 'n versameling van *gemeentes,* is nie juis nie. Ewemin die onderskeiding dat "kerk" die gelowiges as groot geheel sou wees, en "gemeente" die gelowiges in plaaslike verband. **Kerk is die vergadering van gelowiges (a) as groot geheel, en (b) ook in plaaslike verband — net soos "gemeente".** In geen geval sien kerk op 'n versameling van gemeentes nie.

(b) **"Kerk" is** ook nie 'n samekoms *van mense (gelowiges)* sonder meer nie, maar **'n *samekoms met God.*** **"Kerk" is afkomstig van die Griekse woordvorm *kuriakè,* wat beteken "die Here s'n", of "eiendom van die Here"**. Noem ons die *gebou* waarin die gemeente saamkom

"kerk", dan beteken kerk: "Die huis van die Here", en dan beteken **ons samekoms in die "kerk" 'n samekoms met die Here.** In eintlike sin is egter die ***gemeente*** wat in die gebou saamkom, die "kerk". Hiermee word die **gemeente** dan beskryf as "die Here s'n", "die **volk** van sy eiendom" (1 Petr. 2:9), wat Hy gekoop het deur sy bloed (Kateg., Sondag 1). Daarom is Hy onse Here (Kurios, Sondag 13), en ons sy eiendom ("Kuriakè", "kerk"). Dink ons verder daaraan dat die **"vergadering van die gelowiges**" self ook genoem word 'n *gebou van God* (1 Kor. 3:9), dan is die verband duidelik tussen die kerk en die tempel, die plek waar God gewoon het onder sy volk, en hulle met Hom **saamgekom** het. So is die kerk nou self die tempel, "die woning van God in die Gees" (Ef. 2:22).

**Hoeseer "kerk" en "gemeente" dus ook dieselfde mag beteken, wil ons tog die woord "kerk" behou, omdat hierin tot uitdrukking kom:**

Die *samekoms* met God, wat ons tot ***sy eiendom*** gemaak het deur die bloed van Christus, en onder **ons** woon deur sy gees. So is "kerk" dan:

(a) al die gelowiges **saam**, as gebou van God, maar ook

(b) die gelowiges in hul samekoms, as **samekoms met God**.

(c) Kerk is nie alleen 'n **saamvergadering** *met* God nie, maar ook 'n **saamvergadering** *deur God:* deur God ***saamgeroep***. Ook hier sal die woord "kerk" vir homself spreek as ons weet dat waar die woorde ,"roep" en "roeping" voorkom in die Nuwe Testament, 'n vorm van dieselfde woord staan, wat by ons vertaal is met "gemeente" (kerk). Die oorspronklike is hier "Ekklesia", en as die apostel sy gemeentes toespreek as "geroepe heiliges" (Rom. 1:7; 1 Kor. 1:2) dan gebruik hy net 'n ander vorm van dieselfde woord. "Gemeente" lê nadruk op die **gemeenskap van gelowiges**. "Kerk" lê nadruk op hul **saamvergadering** met God. Die Nuwe Testamentiese woord "ekklesia" lê nadruk op hul **sameroeping** deur God. Meer bepaald het die Grieke hierdie woord gebruik vir die vergadering van die volk, saamgeroep deur 'n gevolmagtigde bode. **So is die verband duidelik tussen Kerk en "prediking". Wat is predikant**? Dit is om 'n boodskap te bring namens God. Hier is dit die evangelie, die "goeie boodskap" (Jes. 40:9), eers deur God self geopenbaar in die paradys, verkondig deur die aartsvaders en profete, afgebeeld in die skadudiens van Israel, en ten laaste vervul in Christus (Sondag VI). En so roep Christus nog deur sy boodskappers, die apostels, en in aansluiting aan hulle, deur sy **predikers** (2 Kor. 4:20). Waar is die kerk? Waar God roep. Sinds wanneer is daar 'n kerk en tot wanneer? Sinds God roep en solank God roep, d.i. van die begin van die wêreld af .... tot die einde toe (Matt. 16:18b). Maar dan is ook duidelik dat die predikamp nog glad nie die kerk uitmaak nie

(Luther). Die boodskappers is nie die kerk nie, maar die geroepenes. **Kerk is die "vergadering van gelowiges".**

(d) Kerk is: *die **volk** van God.* "Ekklesia" (gemeente, kerk) in die Nuwe Testament is vertaling van die O. Test. "kahal" (of "eda"): "vergadering". en wel: die vergadering van Israel (vg. Ex. 12, en deurgaans) as 'n **vergadering (volk)** van God. Israel was "volk van God" omdat die Here onder hulle gewoon het, eers in die tabernakel ("tent van **samekoms**", vg. Ex. 27:21, en deurgaans), later in die tempel waar hulle met die Here moes **vergader.** Maar ook omdat die Here hulle in Abraham ***geroep*** het, en uit hom op wonderdadige wyse geformeer het. Daarom was hulle syne (Jes. 43:1; 44:2). As "**volk** van God" is hulle daardeur onderskei dat hulle die woorde van God gehad het (Rom. 3:2) deur sy profete; die diens van die versoening in die tempel met die priester, en geregeer is deur 'n koning, hulle van God gegee. Hulle was 'n "koninkryk van priesters", 'n heilige nasie vir die Here (Ex. 19:6). In die kerk sien ons egter die vervulling van wat in Israel slegs skadu was. Daarom geld van die kerk met geestelike verdieping, dat die kerk is wat Israel was: die ***volk** van God* (1 Petr. 2:9 vg. Ex. 19:6). Daar moet nog op gelet word dat Israel nie allengs die volk van God *geword* het nie. Hulle was die volk van God van die aanvang af. Die geskiedenis toon veeleer hoe hulle geword het van 'n ***vergadering*** (Kahal) tot 'n *verstrooiing,* omdat hulle die Here verlaat het. Maar ook in die Verstrooiing is hulle weer beeld van die Kerk soos dit versprei is oor die ganse aarde. Nou kan Israel nie meer vergader om die tempel nie, maar net nog in aparte samekomste. So ontstaan sinds die ballingskap die "sinagoges": niks anders as die openbaring van die kahal in die verstrooiing. Hulle eie **samekomste** noem die Christene egter kerke (ekklessia in die meervoud, o.a. Gal. 1:2), en gee daarmee te kenne dat hulle die ware voortsetting is van wat Israel was. **Die kerk is die ware volk van God in die plek van Israel.**

**2. DIE EIENSKAPPE VAN DIE KERK.**

"**Volk** van God" sê vir ons eers wat die kerk wesenlik is. So noem die apostel die kerk dan ook telkens "**gemeente**" (kerk) van God (Hand. 20:38; 1 Kor. 10:32; 11:16, 22 ens.) en versier dit met die heerlikste eienskappe: gemeente van heiliges (1 Kor. 14:4), heiliges (Ef. 1:1), in Christus Jesus (Fil. 1:1), geroepe heiliges (Rom. 1:7, 1 Kor. 1:7), heilige en gelowige broeders (Kol. 1:2), geliefdes van God (Rom. 1:7), liggaam van Christus (Ef. 1:23, 4:16, Kol. 1:18, 24), bruid van Christus (Ef. 5:25-32, 2 Kor. 11:2 vg. Openb. 21:2), tempel van God (1 Kor. 3:9, Ef. 2:20, 21). Dit is 'n uitverkore **geslag**, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige **volk**, 'n **volk** as eiendom verkry (1 Petr. 2:9), en word deur ons bely as "'n heilige, algemene, Christelike Kerk".

**(a) Die kerk is heilig.** Die heiligheid van die kerk mag nie beperk word tot instellings, of tot 'n sekere stand ("geestelikheid"), soos die Roomse doen nie**. Die kerk is die *volk* van God en daarom is die volk heilig.** Die vólk is die klerus (= die erfdeel van die Here, 1 Petr. 5:3).

**(b)..**

**(c) Die kerk is Christelik.** Die kerk is die **gemeenskap van verlostes** in Christus. Christelik as eienskap druk uit die ***eenheid*** tussen Christus en sy kerk. Dit kom tot stand deur die Heilige Gees (Sondag 20). Die apostel spreek hiervan as 'n "groot verborgenheid" (Ef. 5:32). Die Here Jesus verklaar dit met die beeld van die wynstok en die ranke (Joh. 15:1 vv.). Op grond hiervan word die kerk genoem: die bruid van Christus, en: die liggaam van Christus. Dit sê vir ons wat Christus vir sy kerk is, nl. die Hoof in wie hulle begrepe is, en in wie hulle besit: "die vergewing van sondes", en verwag: "die wederopstanding van die vlees, en 'n ewige lewe". Christelik beskryf die kerk dus as **'n gemeenskap** van *geloof* en van *hoop.* Maar dit sê vir ons ook wat die kerk vir Christus is: die **lede** van Christus, sy organe **deur wie Hy werk** (1 Kor. 12:12—31). Daartoe is hulle die salwing van Christus (=die Gesalfde) deelagtig, en "deur die Gees gedoop tot **een liggaam**" (1 Kor. 12:13): Dit is wat plaasvind op Pinksterdag. Hierdie salwing is tot onderlinge diens, om elkeen "sy gawes tot nut en saligheid van die ander lede gewillig en met vreugde aan te wend" (Sondag 21: **gemeenskap van die heiliges) tot opbouing van die liggaam van Christus** (Ef. 4:12): So is die "Christelike kerk" dan 'n "koninklike priesterdom, 'n heilige volk .... om te verkondig die deugde van Hom wat hulle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig (1 Petr. 2:9).

**(d) Die kerk is een.** Dit word deur die Apost. Geloofsbelydenis onderstel: "Ek glo 'n heilige, algemene, Christelike kerk," en deur die Ned. Geloofsbelydenis uitgespreek: "Ons glo en bely 'n enige, katolieke of algemene kerk . . . ." Die **eenheid** kan gesien word soos dit voortvloei uit die *algemeenheid* van die kerk, nl., dat daar *net* één kerk kan wees. Daar is dan ook *net één* Middelaar tussen God en mense, die mens Jesus Christus (1 Tim. 2:5); so is daar net één kerk vir alle tye. En, soos Israel enig was onder die nasies van die wêreld, so kan die kerk as "volk van God" ook net een wees uit al die nasies van die wêreld. Die **eenheid** kan ook gesien word soos dit voortvloei uit die *Christelikheid* van die kerk, en beskryf dan as eienskap die **innerlike eenheid** van die kerk. Dit is ook *eienskap* en nie ideaal nie. Die eenheid is iets wat bestaan, wel onsigbaar, maar as 'n geestelike werklikheid in Christus: sy liggaam. Die eenheid bestaan ook in die apostoliese Woord, waarop Christus sy gemeente bou (Matt. 16:18). Kerkverband bring dus nie hierdie eenheid tot stand nie, maar bring 'n bestaande eenheid tot openbaring. Dit kan egter alleen op die gegewe grondslag van Gods Woord. Hierdie eenheid is ook gegee in

die woord "kerk" = "vergadering" (kahal). In "kerk" sit dus opgeslote die gedagte van **"byeenbrenging", en wel in "een liggaam"**. Die middelmuur van skeiding is hier afgebreek tussen Israel en die nasies (Ef. 2:14 vv.) en alle skeidsmure tussen mens en mens (Gal. 3:23; Kol. 3:11). Hierdie eenheid in Christus staan teenoor die valse eenheidstrewe om al die nasies in een wêreldryk of sisteem saam te dwing; die Pinksterwonder teenoor Babel**.**

**DIE SABBAT**

**Sondag 38 (Vraag 103)** ***Wat gebied God in die vierde gebod?*** *Antwoord: God wil ten eerste dat die Woordbediening en die skole in stand gehou word (a). Ook moet ek* ***veral op die rusdag*** *ywerig met* ***die gemeente van God saamkom*** *(b)* ***om die Woord van God te hoor*** *(c), die sakramente te gebruik (d), die Here* ***openlik aan te roep*** *(e) en die Christelike liefdegawes te gee (f).*

**VRAAG & ANTWOORD 103**

**(TROOS, TROOS MY VOLK Dr AH Bogaards)**

**DIE SONDAG IN DIE PLEK VAN DIE SABBAT**

In die Ou Testament het die kerk op die Sabbatdag, die sewende dag van die week (Saterdag), **bymekaargekom**. **Ons** kom op die Sondag **bymekaar** o.a omdat uit Handelinge 20:7 **ons** weet dat die kerk van die Nuwe Testament op die Sondag **bymekaar** gekom het.

Die Sondag draai om die werke van die HERE: Op daardie dag moes die Jode **saam oordink** hoe die HERE **hulle** verlos het uit die slawebande en hoe Hy deur sy magtige reddingswerke **hulle** gebring het in die land van rus, in Kanaän. **Ons** as Nuwe Testamentiese Kerk **dink saam** aan die verlossing uit die slawehuis van die sonde.

**Ons** gaan om die Woord van God te hoor en om die sakramente te gebruik, om die Here openlik aan te roep, en om die Christelike liefdegawes te gee. God se werke gaan voorop. Die **prediking van die Woord** en die bediening van doop en nagmaal staan eerste. Die werke van die HERE is die belang-rikste van die rusdagMet **ons** werke antwoord **ons** op God se werke. Die erediens is ‘n **ontmoeting tussen God en sy volk**. Die HERE kom **met ons saam**. Hy gaan aan die werk **in die erediens**. **Dit doen Hy in die werk van Woordverkondiging** en in die werk van sakramentsbediening, en ons antwoord met ons werke van gebed en barmhartigheid.

Deur die krag van sy **Woord en Gees** word ons verlos van die sonde en mag ons geniet van **God se heerlike nabyheid**. Dit is die waaragtige sabbatsrus.

**NGB ARTIKEL 27: DIE ALGEMENE CHRISTELIKE KERK**

Ons glo en bely 'n enige katolieke of algemene kerk, **'n heilige *vergadering* van almal** wat waarlik in Christus glo, wat **almal hulle** volle saligheid in Jesus Christus verwag en in sy bloed gewas is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees. Hierdie kerk was daar van die begin van die wêreld af en sal tot die einde daar wees, want Christus is 'n ewige Koning wat nooit sonder onderdane kan wees nie. Verder is hierdie heilige kerk nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot 'n sekere plek of sekere persone nie, maar dit is oor die hele wêreld versprei en verstrooi. Tog is dit met hart en wil en deur die krag van die geloof **in een en dieselfde Gees saamgevoeg en verenig.**

**HK SONDAG: 21 - VRAAG EN ANTWOORD: 54**

**Vraag:** Wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike kerk?

**Antwoord:** Dat die Seun van God uit die hele menslike geslag vir Hom **'n gemeente** wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof van die begin van die wêreld af tot die einde toe ***vergader***, beskerm en onderhou en dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly.

***"VERGADER, BYMEKAAR MAAK"*** **(Jeremia 31:8)**

*"Let op, Ek bring hulle vanuit die noordelike land en Ek sal **hulle bymekaar maak (qabats)** vanaf die afgeleë dele van die aarde; tussen hulle die blindes, die lammes, die vroue wat swanger is en die wat in kraam is, **almal saam**; as **'n groot vergadering** sal hulle hierheen terugkom."*

**"qabats": To gather, collect, assemble Corresponding Greek / Hebrew Entries: - G4863 (synagō):** To gather together, to assemble **- G1996 (episyngō):** To gather together upon

**Usage:** The Hebrew verb **"qabats"** primarily means **to gather** or collect. It is used in various contexts, including the **gathering** of people, nations, or objects. The term can imply a physical gathering, such as assembling people for a meeting or event, or a more abstract gathering, such as collecting thoughts or emotions. In the biblical narrative, it often conveys the idea of **bringing together** what was scattered, whether it be exiles returning to their homeland or assembling a group for a specific purpose.

**Cultural and Historical Background:** In ancient Israelite society, the concept of gathering was significant both in daily life and religious practice. Agricultural communities would gather crops during harvest, and families would gather for festivals and religious observances.

**Theologically, the gathering of the Israelites from exile is a recurring theme, symbolizing restoration and divine intervention. The idea of God gathering His people is a powerful image of hope and redemption throughout the Scriptures.**

**"qahal": Assembly, congregation, gathering Word Origin:** Derived from the root verb קהל (qahal), meaning "to assemble" or "to gather." **Corresponding Greek / Hebrew Entries: - 1577 (ekklesia):** Often translated as "church" or "assembly," this Greek term is used in the New Testament to describe the **gathering of believers**, reflecting the continuity of the concept of God's people as a gathered community.

**Usage:** The term **"qahal"** refers to a **gathering** or assembly of people, often for religious or communal purposes. It is used in the Hebrew Bible to describe the **congregation of Israel**, whether **gathered** for worship, instruction, or decision-making. The word emphasizes the **collective nature** of the group, highlighting **unity and shared purpose.**

**Cultural and Historical Background:** In ancient Israel, the concept of "qahal" was central to the community's identity. The assembly was not merely a social gathering but **a sacred congregation** called together by God. It was a **place where the covenant community came together to hear God's law**, offer sacrifices, and celebrate religious festivals. The "qahal" was integral to maintaining the spiritual and social fabric of Israelite society.

**JOËL 2:16**

*'**Versamel** die volk, heilig die gemeente, **vergader** die oudstes, **versamel die kinders en die suigelinge!** Laat die bruidegom uit sy kamer uitgaan en die bruid uit haar slaapvertrek. '*

**"*asaph*": To gather, collect, assemble, remove, take away Definition:** To gather, collect, assemble, remove, take away **Meaning:** to gather for, any purpose, to receive, take away, remove **Corresponding Greek / Hebrew Entries: - G4863 (συνάγω, synagō):** To gather together, assemble- **G1996 (ἐπισυνάγω, episynagō):** To gather together, to collect

**Usage:** The Hebrew verb **"asaph"** primarily means **to gather** or collect. It is used in various contexts throughout the Old Testament, including the **gathering** of people, harvests, or items. It can also imply the removal or taking away of something, such as gathering one's people in death or removing reproach.

**Cultural and Historical Background:** In ancient Israelite society, **gathering** was a significant activity, whether it involved collecting crops during harvest or assembling people for religious or communal purposes. The **concept of gathering** also extended to spiritual and

eschatological themes, such as God gathering His people or the gathering of nations for judgment. The **act of gathering** was often associated with divine intervention or blessing, reflecting the agrarian culture's dependence on successful harvests and **communal unity**.

**HK SONDAG: 21 - VRAAG EN ANTWOORD: 54**

**(TROOS, TROOS MY VOLK Dr AH Bogaards)**

Die woord **kerk** beteken "**wat aan die Here behoort**". Deur die geloof weet **ons** Hy het **ons** met sy kosbare bloed tot **sy eiendom** vrygekoop (antwoord HK 34). Die kerk word beskryf as heilige kerk. Dit is eweneens ’n geloofsuitspraak. Heilig beteken: afgesonder deur God vir God en sy diens. In Christus is die kerk werklik geheilig (Heb 10:10). "Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word." (Heb 10:14) Die woord algemene beteken dat dit gaan oor die kerk oor die hele wêreld en van alle tye. **Ook die kerk is 'n saak van geloof**: Wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike kerk? Deur die geloof weet ons dat die Seun van God 'n kerk **vergader**, beskerm en bewaar. Geloof aan die kerk is geloof in die Seun van God.

**1. KERKBOU IS DIE WERK VAN DIE SEUN VAN GOD**

Dit is besonder treffend dat wanneer die Kategismus oor die kerk praat, hy **nie begin met wat mense doen nie**, maar begin met die woorde "Dat die Seun van God ..." Kerkbou is nie mensewerk nie. Dit is alleen danksy die Seun van God dat die kerk ontstaan, bestaan en voortbestaan.

**2. DIE SEUN VAN GOD VERGADER, BESKERM EN ONDERHOU DIE KERK**

Die kerkwerk van die Seun van God behels o.a.:  Die Seun ***vergader*** die kerk. Die Seun van God is die groot Kerkbouer. Hierdie waarheid het Jesus self aan sy dissipels verkondig toe Hy op 'n keer vir Petrus gesê het:"Jy is Petrus, en op hierdie rots sal ***Ek*** **my gemeente** bou." (Matt 16:18) Jesus vergelyk die kerk dus met 'n gebou, 'n huis, wat opgerig word. Dié beeld gebruik die Bybel meermale. So sê Paulus aan die Korinthiërs: "Die gebou van God **is julle**." (1 Kor 3:9) Die Seun van God **vergader** die kerk. Hy **maak ons bymekaar**. Hy **bring ons tot geloof** en Hy lê ons in die skoot van die kerk. So groei die tempel van die Here tot 'n magtige bouwerk tot eer van God alleen. Immers, Hy, en nie mense nie, laat die gebou verrys. Ons enigste troos, maar ook ons sekere troos is: Die Seun van God, self almagtige God, bewaar **sy skape**. In Matthéüs 16 noem die Here Jesus **ons sy gemeente.** **Ons** is sy eiendom. Dit is mos wat die woord kerk beteken. Hy het duur vir **ons** betaal. Ja, dit het Hom sy bloed gekos.  Die Seun

**onderhou** die kerk Dit beteken Hy voorsien **ons** van die **geestelike spyse**. Hy is die **goeie Herder** wat **ons** lei na groen weivelde en na waters waar rus is. Sonder kos kan die skape nie lewe nie. Dié onontbeerlike voedsel verskaf die **Seun van God** aan **ons.**

**3. HIERDIE KERKWERK DOEN DIE SEUN DEUR SY GEES EN WOORD**

Die Seun van God **vergader**, beskerm en onderhou die kerk deur sy Gees en Woord:  Hy **vergader** sy kerk deur sy **Gees en Woord**. Handelinge is die boek van die **kerkvergaderende** werk van ons Here Jesus Christus, want ons hoor daarin hoe die Here deur sy Woord en Gees vir Hom 'n kerk **vergader (bymekaarmaak)** uit alle volke, nasies en tale. **Die Gees, deur Woordverkondiging**, dit wil sê die **prediking kom na ons toe en deur die Woord werk Hy in ons**. Ons het ook die **Gees** nodig. As die **Gees** nie ons oë open nie, bly ons blind vir die **Woord**. As die **Gees** ons nie kragtig oortuig nie, glo ons nie die **Woord** nie, en bly ons buite die kerk staan.  Die Seun van God onderhou sy kerk deur **Gees en Woord**. Sy Evangeliewoord is die voedsel. Daarsonder sou ons geestelik sterwe. Daarom, wil 'n kerk lewe en bly lewe, moet dit na die "groen weivelde" van die **Woord** gaan.

**4. WIE AAN HIERDIE KERK BEHOORT**

**Wie behoort tot die kerk**? Die Kategismus sê egter: Die kerk is daardie **mense** wat tot die ewige lewe **uitverkies** is. Ons NGB praat in **Artikel 29** van die ware kerk. Hoekom kom ons kerk toe? En hoekom wil ons deel wees van **die volk van die Here**? Behoort ék waarlik by die ware kerk? Kan ek dit weet? Daarop wil ek antwoord: Sekerlik kan ons dit weet of ons werklik **lid is van die kerk** en of **ons** uitverkorenes is. Hoe kan **ons** dit weet? Immers, deur **Gees en Woord vergader** Jesus sy kerk. En nou sê die **Heilige Gees in daardie Woord**: **Ons** mag en moet die Gees ook bid om 'n ware geloof.

**5. DIE KERK AS MOEDER**

Die Seun van God **vergader**, beskerm en bewaar deur sy Woord en Gees. **In hierdie werk gebruik Christus die kerk**. Die **gemeente**, sê Calvyn, is die moeder van die gelowiges (kyk ook Gal 4:26). Aan moeder Kerk is die saad van die onverganklike lewe (die Woord) in bewaring gegee (1 Pet 1:23). Deur daardie Woord gee moeder Kerk geboorte aan die gelowiges en deur daardie **Woord voed die gemeente die gelowiges**. Wie weier om die gemeente as moeder te hê, begeer tevergeefs om God as Vader te hê. Immers, God verwek sy kinders en maak hulle groot, maar Hy doen dit **deur die diens van die gemeente**. **Dit is nie die kerk wat ons die geloof gee nie, maar dit is God self deur sy Woord en Gees**. Tog het dit die Here behaag om sy kerk daarin te gebruik. Die kerk is sy instelling en deur sy ampsdraers wil hy die

gelowiges toerus en die gemeente laat groei (Ef 4:11 e.v.). Deur die **prediking** van die kerk kom **ons t**ot geloof (Rom 10:14-17).

**HK SONDAG: 21 - VRAAG EN ANTWOORD: 55**

**Vraag:** Wat verstaan jy onder die **gemeenskap** van die heiliges? **Antwoord:** Ten eerste dat die **gelowiges, almal saam en elkeen afsonderlik**, as **lede** met die Here Christus **gemeenskap** en aan al sy skatte en gawes deel het.

**VRAAG 55 EN ANTWOORD 55 (TROOS, TROOS MY VOLK, DR AH BOGAARDS)**

In hierdie vraag gaan dit oor die **gemeenskap** van die heiliges. Met die heiliges word die **gelowiges** bedoel.

 Die **gelowiges** het **deel aan** die Here Christus: Deur die geloof het **ons** aan al sy skatte en gawes **deel.** Ons kan dink aan die skat en gawe van die Woord, die skat en gawe van die Heilige Gees,ens.

 Die gelowiges het 'n verpligting teenoor **mekaar**: Nou leer die Kategismus: **Ons** is verplig om **ons** gawes tot voordeel van die **ander lede van die liggaam van Christus** aan te wend.

 In 1 Korinthiërs 12:12 e.v. beskryf Paulus die kerk met die beeld van **'n liggaam**. **Ons** is aan Christus **verbind**, want Hy is die Hoof en ons die **lede** van die liggaam. Hierdie beeldspraak maak duidelik hoe vas **ons** aan Christus **verbind** is. **Vanuit die Hoof regeer die Gees die hele liggaam**.

 Hierdie beeld in 1 Korinthiërs 12:12 en verder maak ook duidelik dat ons **aan mekaar verbind** is. As jy 'n **lid (liggaamsdeel) van die liggaam** afsny, sterf dit ook dadelik af.

**NGB ARTIKEL 28: ELKEEN IS VERPLIG OM BY DIE WARE KERK AAN TE SLUIT**

Ons glo - aangesien hierdie **heilige vergadering 'n versameling is van hulle wat verlos word** en daarbuite geen saligheid is nie - dat niemand, wat sy **stand en status** ook al is, hom in selftevredenheid van hierdie **vergadering afsydig** mag hou nie; inteendeel, almal is verplig om daarby aan te sluit en hulle daarmee **te verenig om die eenheid van die kerk te bewaar deur hulle almal - as lede van een en dieselfde liggaam -** aan sy leer en tug te onderwerp, die nek onder die juk van Jesus Christus te buig en volgens die gawes wat God aan elkeen gegee het, die broers in die opbou van hulle geloof te dien.

## NGB ARTIKEL 29: DIE KENMERKE VAN DIE WARE EN DIE VALSE KERK

Ons glo dat ons sorgvuldig en met groot oplettendheid uit die Woord van God behoort te onderskei watter kerk die ware kerk is… maar ons sê dat 'n mens **die liggaam en die gemeenskap** van die ware kerk moet onderskei van al die sektes wat beweer dat hulle die kerk is. Die kenmerke waaraan ons die ware kerk kan uitken, is die volgende: Wanneer die kerk die evangelie suiwer **preek**, - kortom, wanneer almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God **gedra**, alles wat daarmee in stryd is, verwerp, en Jesus Christus as die enigste Hoof erken.

## HK SONDAG 25 (TROOS, TROOS MY VOLK – Dr AH Bogaards)

## DIE WOORD EN DIE SAKRAMENTE

**Vraag 65**

**Slegs deur die geloof kry ons deel aan Christus en al sy weldade**, dit wil sê aan alles wat Hy vir ons verdien het.

**Antwoord 65**

Geloof is nie van menslike oorsprong nie. **Die Heilige Gees werk** (skep) **dit** (die geloof) **in ons hart**. Die evangelie is beslis nie maar net verstandskennis nie. Dit raak **ons hart**. God sê vir ons: My seun, my dogter, gee my jou hart (Spr 23:26).**In Woord en sakramente kom die Heilige Gees na ons toe.**

**1. DIE WOORD**

Met die **verkondiging** van die heilige evangelie bedoel die Kategismus **die preke** van elke Sondag. Die Woord wat **in die kerk** aan die werk is, is **nie 'n mensewoord nie**, maar God se almagtige Woord wat lewe in dooie harte kan skep, en agter die Woord staan die **Heilige Gees** en daarom het **die Woord altyd effek**, want die almagtige God is daarin en daarmee aan die werk. In Romeine 10:14-17 leer Paulus dat die **geloof deur die prediking kom**: "Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat **preek**? En hoe kan hulle **preek** as hulle nie ***gestuur*** word nie? Soos geskrywe is: Hoe lieflik is die voete van die wat die evangelie van vrede verkondig, van die wat die evangelie van die goeie verkondig! Maar hulle was nie almal gehoorsaam aan die evangelie nie; want Jesaja het gesê: "Here, wie het **ons prediking** geglo? Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God."

***(Die woorde "gestuur" en "ons" bevestig duidelik dat die prediking deur die gestuurde predikers (predikante/profete) gedoen moet word.)***

## 2. DIE SAKRAMENTE

**Vraag 66**

Hierdie vraag en antwoord wil aan ons verduidelik **wat sakramente is**.

**Antwoord 66**

**SAKRAMENTE IS TEKENS EN SEELS**

In die Woord vertel Hy ons wat Christus **vir ons** gedoen het en wat in Christus **aan ons** beloof word. Maar om ons te help om **die belofte van die evangelie nog beter te verstaan**, gee Hy ons "prente". Dit is die doop en die nagmaal.

**Vraag 67**

Die Woord, die doop en die nagmaal het aldrie dieselfde bedoeling, is vir dieselfde **bestem**:

**Antwoord 67**

Woord en sakramente leer ons presies dieselfde: **dat ons volle saligheid op die enige offer van Christus rus, wat aan die kruis vir ons gebring is**.

-  Die Heilige Gees **leer** ons hierdie belofte in die **evangelie**.
-  Die Heilige Gees **verseker** ons van hierdie belofte deur die **sakramente**.

In die **prediking** van die Bybel ***hoor*** ons die Woord, in die sakramente ***sien*** ons dit. Deur die **prediking** van die Bybel dring **die Heilige Gees** ons harte binne deur die poort van ons ***ore,*** deur die doop en die nagmaal kom Hy ons harte binne deur die poort van ons ***oë***. Die **prediking** van die evangelie is die ***hoorbare Woord***, die sakramente is die ***sigbare Woord***. In beide kom die evangelie van die kruisdood van Christus na ons toe.

***God gee ons(ouers en kinders soos in die Ou Testament)) dus net 2 hulpmiddels (tekens/prentjies/bymiddels/hulpmiddels/"mense werke") by, nl die Doop en die Nagmaal om die WOORD/Prediking beter te verstaan, NIKS anders nie, juis om die genoegsaamheid van die WOORD/Prediking te beklemtoon en bevestig.***

### NGB ARTIKEL 34: DIE HEILIGE DOOP

Ons glo en bely dat...... Deur die doop word ons in die kerk van God **opgeneem** en van alle ongelowiges en vreemde godsdienste afgesonder om heeltemal **sy eiendom** te wees en sy merkteken en vaandel te dra. Dit dien vir ons tot 'n getuienis dat Hy ewig ons God en genadige

Vader sal wees. Daarom het Hy beveel om **almal wat sy eiendom is**, net met gewone water in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees te doop. Hy toon ons daarmee dat, soos water die vuilheid van die liggaam afwas as dit oor ons gegiet word, en soos die water op die liggaam van die dopeling gesien word wanneer dit daarop gesprinkel word, **so bewerkstellig die bloed van Christus deur die Heilige Gees dieselfde inwendig in die siel**: dit besprinkel die siel en reinig dit van sy sondes en laat ons, wat kinders van die toorn is, as **kinders** van God weergebore word.

Dit gebeur nie deur die uitwendige water nie, maar wel deur die besprinkeling met die kosbare bloed van die Seun van God, ons Rooisee0 waardeur ons moet trek om aan die slawerny van Farao, dit wil sê die duiwel, te ontkom en om in die **geestelike land Kanaän in te gaan**. Die bedienaars gee ons van hulle kant dus met die sakrament dit wat sigbaar is, **maar ons Here gee** wat deur die sakrament aangedui word, naamlik die onsigbare genadegawes: Hy was ons siel, suiwer en reinig dit van alle vuilheid en ongeregtigheid; Hy maak ons hart nuut en vul dit met alle vertroosting; Hy gee ons egte sekerheid van sy Vaderlike goedheid; Hy beklee ons met die nuwe mens en ontklee ons van die ou mens en al sy werke.

.... **En, waarlik, Christus het sy bloed nie minder vir die reiniging van die gelowiges se kindertjies as vir die volwassenes vergiet nie**.

### HK SONDAG: 27 - VRAAG EN ANTWOORD: 74

Vraag: Moet die **jong kinders** ook gedoop word?

Antwoord: Ja, **aangesien hulle net soos die volwassenes in die verbond van God en sy gemeente ingesluit is**. Ook aan hulle word **nie minder** as aan die volwassenes deur die bloed van Christus die verlossing van die sondes en die **Heilige Gees** wat die geloof werk, beloof nie. Daarom moet hulle ook deur die doop as teken van die verbond in die Christelike **kerk ingelyf** en van die kinders van die ongelowiges onderskei word. So is dit in die Ou Verbond deur die besnydenis gedoen in die plek waarvan die nuwe Verbond die doop ingestel is.

### FORMULIER VIR DIE BEDIENING VAN DIE HEILIGE DOOP AAN KINDERS (A)

### (relevante gedeeltes vir kinders)

As ons in die **Naam van die Vader** gedoop word, betuig en verseël God die Vader aan ons dat Hy ’n **ewige genadeverbond** met ons sluit, dat Hy ons tot **sy kinders en erfgename aanneem**.

As ons in die **Naam van die Seun** gedoop word, verseël die Seun aan ons dat Hy ons in sy bloed van al ons **sondes afwas**. Daarmee **lyf** Hy ons **in die gemeenskap** van sy dood en opstanding in…. in die **Naam van die Heilige Gees** gedoop word, verseker die **Heilige Gees** ons deur hierdie heilige sakrament dat Hy in ons wil woon en **ons tot lidmate van Christus** wil heilig. Dit doen Hy deur tot ons **eiendom** te maak wat ons in Christus het, naamlik die afwassing van ons sondes en die daaglikse vernuwing van **ons** lewe, totdat ons uiteindelik **onder die gemeente** van die wat uitverkies is in die ewige lewe vlekkeloos gestel sal word.

**Die kinderdoop:**

Hoewel ons kinders hierdie dinge **nie verstaan nie**, mag hulle nogtans nie daarom van die doop **uitgesluit word nie**, aangesien hulle **sonder dat hulle dit weet**, aan die verdoemenis in Adam deel het en ook, **sonder dat hulle dit weet**, weer in Christus tot genade **aangeneem** word. Net so spreek God tot Abraham, die vader van al die gelowiges, en daarom ook tot ons en ons kinders, wanneer Hy sê: "Ek sal my **verbond** oprig tussen My en jou en jou **nageslag** ná jou in hulle **geslagte** as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou **nageslag** ná jou" (Gen. 17:7). Dit getuig Petrus ook met hierdie woorde: "Want die **belofte** kom julle toe en **julle kinders** en almal wat daar ver is, die wat die Here ons God na Hom sal roep" (Hand. 2:39).

Omdat die doop nou in die plek van die besnydenis gekom het, moet die kinders as **erfgename van die koninkryk van God en van sy verbond** gedoop word.

**Geliefde gemeente**, ontvang hierdie kind as **deel van die verbondsvolk van God en die liggaam van Christus**.

O, almagtige, ewige God, U het volgens u regverdige oordeel die ongelowige wêreld wat geen berou gehad het oor hulle sondes nie met die sondvloed gestraf en die **gelowige Noag met sy gesin** – slegs agt mense – deur u groot barmhartigheid gered en bewaar. U het die verharde Farao met al sy manne in die Rooisee verdrink en **u volk Israel** op droë grond daardeur gelei – daardeur is die doop afgebeeld. Ons **bid** U, op grond van u oneindige barmhartigheid, dat u hierdie kind van U in u genade wil aansien en **deur u Heilige Gees** in u Seun Jesus Christus wil **inlyf**, ...

**Doopouers:** Geliefdes in die Here Christus, U het gehoor dat die doop 'n instelling van God is om aan ons en **ons kinders** sy verbond te verseël. … bely u nogtans dat hulle in Christus geheilig is en daarom **as lidmate van sy gemeente** gedoop behoort te wees?

**Doop Dankgebed :** U het ons deur u **Heilige Gees as lidmate** van u eniggebore Seun en só as **u kinders aangeneem**;. Ons bid U ook deur Hom, u geliefde Seun, dat U hierdie kind altyd met u **Heilige Gees** wil regeer, sodat hy/sy Christelik en in volle toewyding aan U opgevoed mag word en in die Here Jesus Christus mag **groei en toeneem**. Laat hy/sy so u vaderlike goedheid en barmhartigheid, wat U **aan hom/haar en ons almal** bewys het, bely …. enigste ware God, ewig sal **loof en prys**. Amen.

**DOOPBELOFTE / VERBONDSODERRIG**

**FORMULIER VIR DIE BEDIENING VAN DIE HEILIGE DOOP AAN KINDERS (B)**

**(relevante gedeeltes vir ouers en gemeentelede)**

Omdat alle verbonde uit **twee dele** bestaan, daarom word ons ook weer deur God met die doop vermaan en verplig tot ’n nuwe gehoorsaamheid. Omdat die doop nou in die plek van die besnydenis gekom het, moet die kinders as **erfgename** van die koninkryk van God en van sy verbond gedoop word. Die **ouers** is verplig om hulle kinders **terwyl** hulle opgroei, breedvoeriger hieroor te onderrig. Geliefde **gemeente**, ontvang hierdie kind **as deel van die verbondsvolk van God en die liggaam van Christus.** Wees lief vir hierdie kind, bid vir hom/haar, en wees 'n **voorbeeld** van 'n lewe in Christus. Om nou hierdie **heilige instelling** van God tot sy eer, tot ons troos en tot opbou van die gemeente uit te voer,

**Die doopouers** moet nou op die volgende vrae antwoord:

Eerstens: Hoewel ons kinders in sondes ontvang en gebore en daarom aan allerhande ellende, ja, aan die verdoemenis self, onderwerp is, bely u nogtans dat hulle in Christus geheilig is en daarom **as lidmate van sy gemeente** gedoop behoort te wees?

Tweedens: Bely u dat die leer wat in die Ou en Nuwe Testament en in die Artikels van die Christelike geloof vervat is en in die Christelike kerk hier geleer word, die **ware en volkome leer van die saligheid** is?

Derdens: Belowe u en neem u u voor om hierdie kind, van wie u die vader en/of moeder is, wanneer hy/sy dit kan verstaan, in die genoemde leer na u vermoë **te onderrig en te laat onderrig**.

Dankgebed

Ons bid U ook deur Hom, u geliefde Seun, dat U hierdie kind altyd **met u Heilige Gees** wil

regeer, sodat hy/sy Christelik en in volle toewyding aan U opgevoed mag word en in die Here Jesus Christus mag groei en toeneem. Laat hy/sy so u vaderlike goedheid en barmhartigheid, wat U aan **hom/haar en ons almal** bewys het, bely en in alle geregtigheid onder ons enigste Leraar, Koning en Hoëpriester, Jesus Christus, lewe en moedig teen die sonde, die duiwel en sy hele ryk stry en oorwin. Wil U dit gee sodat **hy/sy** U en u Seun Jesus Christus, en ook die Heilige Gees, die enigste ware God, ewig sal **loof en prys**. Amen.

## DIE AARD EN BEGRONDING VAN ‘N SKRIFGEFUNDEERDE LITURGIE

**S.P. van der Schyff & B.J. de Klerk**

*Die skrywers gaan van die standpunt uit dat liturgie in die verbond- en die koninkryks-perspektiewe as openbaringslyne in die Skrif gegrond is.*

**4.1.1 Basisteoretiese momente**

 Die wyse waarop *liturgie* in die Ou Testament gebruik is, dui daarop dat daar swaar klem gelê is op liturgie as kultiese diens in en verbandhoudend met die tabernakel en die tempel

**4.2.1 Basisteoretiese momente**

 In die wyse waarop λειτουργία in die Nuwe-Testamentiese konteks hanteer word, is die ooreenkoms met die Ou-Testamentiese kultiese gebruik daarvan opvallend…

**4.3 Breë historiese lyne wat die ontwikkeling van die begrip liturgie aandui**

Gedurende die donker Middeleeue het Rome die kerk van haar liturgie beroof. Hierdie era gee geboorte aan bykans godsdienslose leke by wie die enigste liturgie enkele betekenis- lose simboliese handelinge in die katedraal was (Van Oosterzee, 1898:12-14; Harper,diens 1991:19, 20). Die grootste waarde van die Reformasie vir die liturgie was dat die Woorddiens weer aan die kerkvolk teruggegee is. Calvyn het die teenwoordigheid van Christus in en deur die Heilige Gees in die mens se hele lewe beklemtoon: om God in Gees en waar- heid te kan dien, is dit nodig om na Hom te luister. Hy het ten doel gehad om “de hele gemeente te betrekken in de geestelijke ontmoeting met God en de praktijk der godzaligheid terug te brengen in de eredienst” (Jonker, s.a.:84, 85).

**5. Begronding van ’n basisteorie vir die liturgie**

’n Besef van die noodsaaklikheid om samehangend oor die Skrif en godsopenbaring te dink, het reeds vanaf die vroeë Christelike Kerk vanuit die ***dogmatiek*** ontwikkel (König, 988:355).

Hieruit het teologiese kernbegrippe ontwikkel waardeur die verskillende fasette van die openbaring met mekaar in verband gebring is (König, 1988:355).

"Die verbond is die inwendige gestalte van die koninkryk en die koninkryk is die uitwendige gestalte van die verbond." Van Wyk (2003:19) Die skrywer is van mening dat die identifisering en gebruik van die begrippe *koninkryk van God* en *verbond* in die dogmatiek ook op die liturgie van toepassing gemaak kan word.

**5.1 Verbond**

Wielenga en König (1999:262, 263) beskou die verbondsteologie as sentrale tema in die Skrif .., .dat die verbond inderdaad 'n uiters belangrike hoofmoment in die hele teologie en daarom ook in die liturgie is. In die verbondstema word die innig persoonlike karakter van God in sy verhouding tot die mens beklemtoon (Breed, 1994:30, 34; Kloppers,1993:248). Vir Hom is sy verhouding met mense altyd primêr en anders en word veral in die Ou Testament meestal metafories beskryf as 'n Vader-kindverhouding (Helberg, 1996:229), of as die Goeie Herder wat met groot besorgdheid na sy skape omsien (Peels, 2001:187). In die Nuwe Testament word die verbond in sy geheel in Jesus Christus vervul (Wielenga & König, 1999:262). God se ontmoeting met die mens word sigbaar in Christus. Sy Vaderliefde en besorgdheid oor die mens word in die besonder in die offer van sy Seun openbaar (Joh. 3:16). As teken van sy ewige verbond stel Hy die doop in die plek van die Ou-Testamentiese besnydenis in (Psalmboek,2001:111). Hierdie verbondsverhouding is van die uiterste belang vir die liturgie. Die liturgie van die erediens is noodwendig op die verbond gegrond in die sin dat God inisiatief uit Homself neem om die mens tot 'n ontmoeting met Hom te roep (Vos & Pieterse, 1997:196; Van Wyk 2003:4). Hieruit kan met reg afgelei word dat die verbond die basis vorm van die ontmoetingsgebeure in die erediens. Die verbond bepaal dus nie net die vertikale ontmoetingsgebeure nie, maar vorm ook die basis vir die onderlinge ontmoeting (Theron, 2002:138).

**5.2 Koninkryk**

Koningsheerskappy impliseer dat die Koning getrou gedien word deur gehoorsame onder-dane wat hulle vir die uitbreiding van die koninkryk beywer (Heyns, 1994:9; Peels,2001:187). Die erediens vorm die hart van die Koning se onderdane wat saamkom om Hom te dien (Leuschner, 2004:2). Aangesien die liturgie van die erediens en van die lewe in die dien van die Here God as ewige Koning berus, kan tot die gevolgtrekking gekom word dat liturgie in sy geheel ook in die koninkryk gegrond is.

## 5.3 Die verband tussen die verbond en die koninkryk van God

Soos reeds vermeld, staan verbond en koninkryk nie teenoor mekaar nie, maar vorm gesamentlik die twee kante van 'n muntstuk. In die dogmatiek is die verhouding tussen verbond en koninkryk van God duidelik uiteengesit (König, 1988:360-362; Van Wyk, 2003:19,20).Uit hierdie dogmatiese verbandleggings kan die volgende raakpunte met die liturgie uitgewys word:

-  Die eerste vorm van verbandlegging tussen die twee begrippe is die besef dat die "Koninggod" en die "Verbondsgod" een en dieselfde God is, wat met mense in gemeenskap tree en oor hulle heers (König, 1988:361; Van Wyk, 2003:19). Hierdie verbandlegging is vir die liturgie van besondere belang, aangesien die ontmoetingsgebeure tussen die "Koninggod"/"Verbondsgod" met sy kinders in die liturgie sentraal staan (Vos & Pieterse, 1997:7). Die integrering van die verbond en die koninkryk as gesamentlike begronding vir die liturgie van die samekoms en die lewe, berus primêr in die feit dat God Homself vry-magtig aan die mens verbind (verbond) en tegelykertyd in liefde oor hom regeer (koninkryk).

-  Dit is belangrik om daarop te let dat sowel die verbond as die koninkryk monopleuries in oorsprong en dupleuries in uitwerking is (Van Wyk, 2003:19). Hiervolgens word die soewereine openbaring en handelings van God in sy verhouding tot die mens vooropgestel. In so-wel die verbond as die koninkryk neem God die inisiatief uit Homself om Hom aan die mens te verbind en die mens ook tot gemeenskap met Hom te roep (Floor, 1981:8, 20). Vanuit liturgiese oogpunt bely gelowiges dat God alle inisiatief uit Homself neem om die mens tot gemeenskap met Hom te roep, want "die teenwoordigheid van God in die erediens maak gemeenskap tussen die drie-enige God en die gemeente moontlik" (De Klerk, 1987:96). Die ontmoetingsgebeure tussen God en die mens neem in die liturgie 'n sentrale plek in (Vos & Pieterse, 1997:16). Dit vind noue aansluiting by die verbond en die koninkryk, aangesien die ontmoetingsgebeure tussen God en die mens deur Hom geïnisieer word en van Hom uitgaan (Van Wyk,2003:20).

-  Die dogmatiek benadruk voorts dat die Christologie en Pneumatologie in sowel die verbond- as die koninkryksmotief sentraal staan, en dat dit in albei gevalle in die geloof aanvaar en bely moet word. Hierdie dogmatiese verband vind neerslag in die liturgie in die sekerheid dat die ontmoetingsgebeure tussen God en sy kinders in Gees en in waarheid plaasvind en dat hierdie geestelike ontmoeting deur die geloof, wat van die Heilige Gees kom, verstaan en toegeëien moet word (De Klerk, 1987:294, 295).

 Van Wyk (2003:20) vind vanuit die dogmatiek ’n noue aansluiting met die liturgie wanneer hy die volgende opmerk: “In die kerk as volk van God, liggaam van Christus en tempel van die Heilige Gees sien ons tans ’n voorlopige gestalte van die gerealiseerde verbond en die koninkryk van God, met die doop en nagmaal as tekens en seëls van die verbond en die koninkryk.” In die omskrywing van die kerk as volk van God, liggaam van Christus en tempel van die Heilige Gees, word die innige verhouding en ontmoeting tussen God en sy kinders, wat in die liturgie sentraal staan, benadruk (Vos & Pieterse, 1997:7). Die verwysing na die

sakramente as liturgiese elemente dui op sigself ook op hierdie innige verhouding wat in sowel die verbond as die koninkryk benadruk word (König, 1988:360). Van Wyk (2003:20) se woordkeuse, naamlik dat die kerk tans ’n voorlopige gestalte van die gerealiseerde verbond en die koninkryk van God vertoon, impliseer dat liturgie in hierdie aardse bedeling nog gebrekkig is (Senn, 2000:159).

 Verbond en koninkryk staan in verband met die voleinding, aangesien albei op God se volledige inwonig in die gehoorsame en dienende mens uitloop. “Dán is die tabernakel van God by die mense en God alles vir/in almal.” (Van Wyk, 2003:20.) Verbond en koninkryk plaas liturgie in eskatologiese perspektief, aangesien die mens, eskatologies gesproke, roep om ook ten opsigte van sy liturgie nuutgemaak te word om God in volle heiligheid te kan dien (Court, 1994:89).

**LITURGIE**

**RAPPORT STUDIEDEPUTATE OOR HERSIENING VAN LITURGIE (Artt.85, 150, 160, 239)**

Dr. B.J. de Klerk stel die Rapport. 1997

### 2.1.1 Liturgie

Liturgie (van die Grieks leitourgia) dui persoonlik, huislik en gemeentelik (kerklik) op wat mense doen wanneer hulle God ontmoet, na Hom luister en Hom aanbid, godsdiens beoefen en Hom verheerlik. Die geroepe voorganger lei, as dienaar van God, kragtens die apostolaat in die dienste in elke ge-meente (vgl. onder andere Hd 3:11; 5:19-20, 40-42; 6:2, 8; 9:15; 13:1-2; 14:22, 23; 15:22; 1 Kor 16:13-20, ens.), en voer besondere handelinge uit kragtens sy Goddelike roeping en missie.

**2.1.2 Liturgiese orde**

Hierdie begrip bedoel die orde en nie die volgorde in die samekoms van die gemeente nie.

**5. Uitgangspunt: 'n Dinamiese liturgie**

5.1.4 Sinodebesluite oor die liturgie in die GKSA erken prinsipieel 'n dinamiese samekoms en ontmoeting van God met sy gemeente en, in Christus deur die Gees, 'n ontmoeting van die gemeente met Hom en met mekaar.

5.1.7 Die eenheid in kerkverband kom na vore waar liturgiese beginsels en noodsaaklike handelinge in die samekoms deur al die kerke onderskryf word.

5.2.1.1 In die lig van die voorafgaande oorsig word samevattend gestel dat die Skrif leer dat die samekoms van God met sy gemeente, en van die gemeente met God en met mekaar ‘n ontmoeting moet wees met liturgiese handelinge wat daartoe dien dat almal God deur sy Woord en Gees (Joh. 4:23) ontmoet, aanbid, verheerlik, eer en dien. Daarvoor moet die gemeente ordelik veral op die Rusdag saamkom om die Woord van God te hoor, die sakramente te gebruik, die Here openlik aan te roep en die Christelike liefdegawes te gee (vgl. HK, So 38).

5.2.1.2 Liturgiese handelinge word begrond in die ontmoeting van God en sy gemeente in die krag van die Gees en in waarheid. ‘n Kragtige liturgie vloei voort uit die teenwoordigheid van God in die samekoms, die opregte verootmoediging voor God, die kragvolle spreek van God in die Woorddiens, die bewuste en deurleefde aanbidding van God in die antwoord van die gemeente en die wegstuur van die gemeente om God in huis, binnekamer en daaglikse lewe met oorgawe te dien.

5.2.1.3 In die lig van die voorafgaande oorsig en op grond van die 1985-liturgiese rapport (p. 399-410) bevat die liturgiese gang vir die erediens die volgende hoofmomente: Die Ontmoetingsdiens(Introïtus, die Verootmoedigings- en Versoeningsdiens, die Woorddiens en die Antwoorddiens (Responsoria)

**6. Die Ontmoetingsdiens (Introïtus)**

6.1.1 Introïtus beteken intog, binnekoms, ingang. Die deel in die liturgie wat as Introïtus of Intrede bekend staan, bevat die erkenning dat God in die samekoms teenwoordig is om sy volk te ontmoet en om sy volk in staat te stel om Hom en mekaar te ontmoet, nl. Die votum. Ook die onontbeerlike seën van God vir die samekoms, waarsonder die ontmoeting, die Woorddiens en aanbidding nie kan plaasvind nie. Verder sluit die Introïtus ook die saamkom van die gemeente in die heilige teenwoordigheid van die Here in. Op grond van Christus se versoening

(Hebreërs 10:19) kry die ge-meente in Hebreërs 10:22 die opdrag: *Laat ons toetree, intree!*

6.1.2 Die Ontmoetingsdiens bestaan uit die volgende vier elemente, nl.: Votum, groetseën, lofliedere en geloofsbelydenis

**7. Verootmoedigings- en Versoeningsdiens in die samekoms**

7.2.3 Gedurende die hele samekoms beleef die gemeente die grootheid van God en erken die ge-meente sy eie nietigheid en sonde. Die belydenis van sonde en die sekerheid van versoening deur die bloed van Christus kom in die handelinge van die votum, die geloofsbelydenis, die wetslesing, die gebede **en die prediking** voor.

**8. Die Woorddiens**

8.1.2 Die Woorddiens omvat die gebed om die verligting van die Gees, die Selfstandige Skriflesing, die Skriflesing waaruit die prediking kom, die prediking en die sakramente.

8.2 *Die Gebed om verligting (epiklese)*

Die gemeente bely dat die Heilige Gees deur die Woord geloof bewerkstellig en deur die Woord geloof versterk.

8.3.1.6 Omdat God in die ontmoeting die inisiatief behou, is God se regstreekse aanspreek van sy volk die belangrikste aktiwiteit wat in die ontmoeting plaasvind. In die Skriflesing kom God in Christus deur sy Gees persoonlik na ons toe om in en aan ons lewe te werk.

8.4.1.2 Die noue verbinding tussen Skriflesing en prediking word op Lukas 4:21 en Handelinge 13:15 gegrond en veral ook op Nehemia 8:6-8.

8.5.1.2 Die besondere aard van die Godsopenbaring, die Heilige Skrif, wat die sentrum van die Christelike geloof vorm, vereis en beveel prediking of proklamering van God se Woord.

8.5.1.3 Prediking het 'n dienende funksie. Die verhouding Christus en die prediker bepaal die dien-ende karakter van die prediking ten opsigte van die Koningswoord, die Skriflesing. Die prediker en sy prediking staan in diens van Jesus Christus en van die Gees van God. Hierdie dienende funksie van die prediking bepaal die verhouding van Skriflesing tot prediking. Uit die geskiedenis van die sina-gogale en Nuwe-Testamentiese erediens blyk dit dat die prediking regstreeks op die Skriflesing gevolg het om so die afhanklikheid van die Skriflesing en die fundering daarvan in die Skrif te erken.

8.5.1.5 Deur die prediking moet God aan die woord kom. Die prediking het gesag,…. Omdat God deur dienende prediking aan die Woord kom, het prediking sleutelmag. Jesus Christus

handel in die prediking want Hy handel in, met en onder die liturgiese handeling van die prediking.

8.5.2.1 Die ontmoeting van God met sy volk kom verder tot uitdrukking in die kragtige Woorddiens waar God in die mededeling van sy genadegawes, sy volk vertroos en vermaan met die belofte en eis van sy verbond met ons. Hierdie Woorddiens is ‘n besondere liturgiese handeling wat die sleutels van die koninkryk van die hemel in die samekoms bedien. God is aan die woord deurdat die prediking die Woord as opdrag het. Die lewende God se lewende Woord word verkondig (uitlê en toepas) en dwing tot ‘n lewende, dinamiese, appellerende oordra van die prediking.

**9.1.1.1** Die Heilige Gees sorg dat die samekoms van die gemeente 'n ontmoetingskarakter dra waarin die ontmoeting, aanbidding en belewing van verbondsgemeenskap plaasvind. Dit sluit in die intrede van God in die midde van die amptelike samekoms van die gemeente. Die ontmoeting van God met sy volk kom tot uitdrukking in die kragtige Woorddiens, waar God sy volk vermaan, vertroos en sy genadegawes meedeel. Hierdie Woorddiens is die deurslaggewende handeling in die samekoms en die Responsoria (antwoord in aanbidding en dank) kan net plaasvind op grond van die Woorddiens.

9.1.1.2 Die prediking is die knooppunt in die ontmoeting in die samekoms, want God kom aan die woord en die prediking het die Woord as opdrag. Maar ook die gemeente kom aan die woord, want prediking wat in die gemeente ingedra word, het 'n belydenis en getuieniskarakter, dit is napraat van God. God roep deur die Woorddiens gebed, aanbidding, dank en verootmoediging in die hart van die gemeente op. Hierdie gebed van lofprysing, aanbidding, skuldbelydenis, dank en meking/voorbidding kom tot uitdrukking in gebede waarin iemand die gemeente voorgaan en gebede wat die gemeente sing.

9.1.2.1 Alhoewel die gemeente deurlopend antwoord op God se spreke, kulmineer die gemeente se respons in die Antwoorddiens. Daarom is die Antwoorddiens die antwoord van die gemeente op al die voorafgaande liturgiese hoofmomente, naamlik die Ontmoetingsdiens, die Verootmoedigings- en Versoeningsdiens en die Woorddiens. God roep veral deur die Woorddiens in die hart van die ge-meente, gebed, aanbidding, dank en verootmoediging op.

9.2.2.1.5 Gebed is die geestelike intree in God se heiligdom, die regstreekse aanspreek van God, die belydenis van die bidders en die belangrikste deel van die gemeente se dankbaarheidslewe. Die gemeente is deur die Woorddiens meegeneem en in die gebed moet hulle tot 'n ander aksie oorgaan. Die stilte voor God, veral nadat die Woord van die Here

gespreek het, is 'n wesentlike deel van die ontmoeting van die gemeente met God. Om stil te wees, is 'n groot aktiwiteit uit eerbied vir God se mag en heerlikheid.

9.2.2.1.9 Die Bedienaar van die Woord bedien kragtens sy roeping die Woord deur die prediking en bedien die sakramente.

## LITURGIESE HANDELINGE STEL NIE VANSELF 'N EREDIENS AS ONTMOETING MET GOD(GODSDIENS) DAAR NIE

**B. Spoelstra Dept. Diakoniologie & Missiologie Potchefstroomse Universiteit vir CHO**

Ek wil daarom krities kyk na gangbare gereformeerde literatuur en probeer vasstel wat onder *erediens* en *liturgie* verstaan word en hoe die begrippe of gebeure met mekaar in verband gebring word. Die vraag *wanneer* 'n ontmoeting met God plaasvind, is van kardinale belang.Vanuit hierdie gesigspunt word aanvaar dat liturgiese orde die mees basiese kerkorde is, soos wat die geval in 1 Kor. 14:40 was. 'n Mens moet daarby ook vra of die liturgiese handelinge outomaties 'n erediens daarstel.

### 2. Die begrippe *erediens* en *liturgie*

### 2.1 Die begrip

**Liturgiese handelinge moet eers slaag om 'n ontmoeting tussen God en sy volk daar te stel, voordat die gebeure as 'n erediens gekwalifiseer kan word.** Erediens kom neer op 'n drieërlei ontmoeting: tussen God en sy gemeente, die gemeente en hulle God en die gemeente onderling. Die ontmoeting tussen God en volk deur middel van woorde is slegs deur die Gees in die vleesgeworde Woord Christus moontlik.

### 2.3 Liturgie moet 'n ontmoeting (erediens) daarstel

Die werklike erediens dra die karakter van 'heiliges' wat saamkom en saamdoen *{commimio sanctorum.* Die GKSA noem in 1985 'n erediens tereg "die geestelike ontmoeting en verbondsverkeer tussen die genadige Verbondsgod en sy verloste verbondsgemeente". Die verkeer moet waaragtig, feestelik, ontdekkend, opbouend, stylvol aktief en as 'n openbare gesprek onder leiding van die ampte verloop (GKSA1985:405-410). God is in en deur sy Gees en Woord teenwoordig en werksaam.Die reële teenwoordigheid van God is die uitgangspunt vir die ontmoeting (Matt18:20). Die liturgie moet daarom eenvoudig, gepas en verstaanbaar

wees en die hele gemeente betrek om God deur die Woord en Heilige Gees te ontmoet. Die dinamiese begrip *ontmoeting* gee gevolglik die wese van 'n werklike erediens duidelik weer.

**3. Die kerk van Christus word net in 'n ware erediens sigbaar**

Die *Aufklarung* het nie net die begrip *erediens* nie maar ook die begrip *kerk* gekontamineer. Mense is vandag grootskaals verwar oor wat 'kerk' is. Baie gereformeerdes kan glad nie die een kerk van Jesus Christus met die 'kerk' waaraan hulle 'behoort' of 'ons baie kerke' in verband bring nie. Hierdie verwarring is grotendeels veroorsaak toe die kerk 'as instituut' (organisasie) van die 'kerk as organisme' (gelowige mense) losgemaak is (Kuyper, 1909: 212 e.v.; vgl.Spoelstra, 1989:4-18 en 1986). Wie die kerk as 'n *Ding an sich* ('n organisasie, genootskap of liggaam, struktuur, plaaslik of sinodaal) verstaan, "ontneem die kerk sy menslikheid" (Van Aarde,1989:325) en sy wese as eenheid van gelowige mense (Spoelstra, 1989:4-15).

Gevolglik heers die sekulere opvatting vrywel algemeen dat die kerk (hetsy plaaslik of sinodaal) as superstruktuur met sy menslose institusionele gesig die *liturgie* en *erediens* vir sy *lidmate* bepaal. Erediens word as 'n aktiwiteit "van die kerk as instituut", die "hart van die gemeentelike lewe en arbeid" of die "organisasiebasis vir die lewe en werk van die kerk in die wereld" beskou (vgl. Barnard,1981:2-4, 61 e.v., 117; Laubscher, 1988:17).

In die Skrif is die samekoms van die *ekklesia* (erediens) egter nie 'n aktiwiteit van die kerk nie, maar die kerk self (Snyman, 1977:38; NGB 27, 28). Die sigbare *ekklesia* (samekoms van die gemeente) en wat ons vandag met *erediens* bedoel, is in die Skrif feitlik sinoniem.

Ons vergeet dat twee van die drie kenmerke van die ware kerk (gemeente) alles te doen het met die wyse waarop 'n gemeente op 'n bepaalde plek liturgies saamkom en doen (NGB 29; Calvyn, *Institusie* 4.1.9 e.v.). As die 'erediens' verval, verval die kerk as gemeente.

Daar is nie 'n losstaande *Ding an sich* soos die *erediens van die kerk* waarvan die vorm op sigself vernuut kan word nie. Die 'erediens' is die kerk self en is *erediens* in so ver die kerk waarlik kerk is.

Godsdiens reik natuurlik wyer as erediens (Rom. 12:2), maar **erediens-liturgie bly gesamentlike *godsdiens* waar en in so ver die gemeente God ontmoet, dien en aanbid**.

**4. Liturgie is basiese kerkorde**

Dogma, kerkorde en liturgie is in godsdiens onlosmaaklik verbonde. Belydenis is die eerste element van die Christelike godsdiens omdat dit die gemeente konstitueer. Die eenheid word

liturgies met 'n bepaalde kerkorde beleef. **Die samekoms wat ook liturgies die kenmerke van die ware kerk (NGB 29) vertoon,** is die kerk van Christus op daardie plek (NGB28). **Die liturgie wil dus die eenheid beleef tussen die Hoof en liggaam, Christus en sy gemeente, en dit is ook waaroor dit in goeie 'kerkreg' gaan. Die liturgie maak in die *communio sanctorum* (ware erediens) van mans, vroue en kinders die kerk van Christus op daardie plek op aarde sigbaar. "Die wese van die kerk is daarom in die grond van die saak die van in-die-erediens-versamelde gemeente ..." (Van Aarde, 1989:470). Ware erediens is ware en sigbare kerk-wees wat per slot van sake kulmineer in verantwoorde eenheid van *kommunie* en *eucharistie,* die Nagmaal (Spoelstra, 1989:336-337).**

**DIE PREEK AS LITURGIESE HANDELING (Van der Walt JJ)**

Die liturgie word op drieërlei wyse vasgestel:

Deur besluite van die **sinode** ter wille van eenheid in diens, naas eenheid in leer en tug.

Deur besluite van die plaaslike **kerkraad** in oorleg met die gemeente.

Deur die **liturg** in sake wat nie anders kan vlot as dat dit aan sy oordeel toevertrou word nie, maar steeds onder toesig van die kerkraad en oordeel van die gemeente.

Onder hierdie laaste val veral die gebede en die prediking. Die styl van preek is liturgies van groot belang want dit bepaal in 'n belangrike mate *die gemeente se medewerking en dus hulle erediens.*

Die Skriflesing is die *hoogtepunt* van God se omgang met sy gemeente.

Die gebed is die *innigste* van die gemeente se nadering tot God.

Die prediking is die *knooppunt* van God se spreke met sy volk en sy volk se spreke tot God.

Preek is nie honderd persent eensydig "aankondiging aan die gemeente" nie. Maar daarom moet 'n lidmaat ook leer om die preek liturgies te hanteer. Die Bybel is God se Selfopenbaring. Daar word gepreek sodat die gelowiges God reg kan ken. Die sentrale woorde in die Bybel is God se "Ek is". Christus is die Middelaar wat ons met sy "Ek is" by God bring. En die Heilige Gees bring die uitverkorenes deur geloof by die Middelaar tussen God en die mense. Die hele Bybel is 'n antwoord op die vraag: Wie is God? En daarom moet 'n preek aan die gemeente sê wat openbaar God van Homself in sy Woord. Hy eis, beveel, belowe, bestraf en red *omdat Hy is wat Hy is.* Paulus se ganse prediking word bepaal deur die Selfgetuienis van God (1 Kor. 2:1, 2, 10). 'n Mens weet eers wat jy is en wat jy behoort te wees wanneer jy weet wie God is. Dit word pragtig geïllustreer wanneer God sê: "Wees heilig". Dit is 'n bevel. En die rede vir die bevel is: "Want Ek is heilig". Omdat God liefde is moet ons liefhê. Hy is Waarheid, daarom moet ons waar

wees en waar praat.

Ons moet weet wie is God dan kan ons weet wie ons as sy kinders is. Hierdie orde kan nie omgedraai word nie. Prediking wat verloop in voorskrifte van wat ons moet wees, werk nie, want dan bou dit 'n gemeente op selfverdienste, selfvertroue, selfbedrog en nie op die soewereine genade van God waarvoor Hy gedank moet word nie. God is die *Getuie en die getuienis* van alle egte prediking (1 Kor. 2:1).

Liturgies is die *werk* van 'n lidmaat: *Luister*. Hy luister om te hoor wat sê God van Homself deur sy Woord in die prediking. Daarom sê ons 'n erediens is 'n ontmoeting van God met sy gemeente. Die gemeente ontmoet God in sy Woord.

Daar is geen ander ontmoeting met Hom nie: Hy sê aan die gemeente wie Hy is en hulle glo dit ~~of~~ glo dit nie. Die gemeente *handel* dan soos dit betaam in sy gemeenskap of ignoreer sy bestaan. Om reg te kan lewe moet die mens God reg ken. Daarvoor luister 'n gemeente na 'n preek.

Die voorbereiding van 'n preek is intensiewe harde werk: Dit is ook kinderlike gebedsworsteling, biddend om God se Woord te verstaan en die betekenis daarvan in die lewe van die gemeente van die dag. Want wie kan die Bybel ooit verstaan as die Heilige Gees dit nie oop maak nie. Om God te ken is immers om in 'n geheimenis, 'n misterie in te kyk jy kan daarin kyk maar nooit *daardeur* kyk nie; jy kan God ken omdat Hy Homself openbaar maar jy kan Hom nooit begryp nie. Daarom is die Bybel eenvoudig en verstaanbaar en tegelykertyd 'n diep, diep misterie waarin 'n kind genoeg kan sien om God te ken en waarvan die grootste teoloog nog maar net begin om die dieptes te deurgrond.

Wonderlik is die Woord van God se Selfopenbaring! Daarom moet die Gees van God die Bybel vir 'n mens oop maak (Matt. 11:25; 1 Kor. 2:10). En Hy doen dit in die erediens langs die weg van die **predikant** se inspanning: Eksegese, studie, meditasie, bid, formulering, voordrag.

Wat gebeur wanneer die preek as deel van die liturgie gelewer word? Die Heilige Gees wat vir die predikant die Woord geopen het, dieselfde Gees spreek vanaf die preekstoel deur die **predikant**. Daarom praat ons van "lewende verkondiging" van die Woord. Die lidmaat wat daarna luister soos na 'n TV-konsert sal wel al die woorde kan hoor maar sal nie DIE WOORD hoor wat die Gees tot die gemeente spreek nie. En daarom sal hy God nie in die preek ontmoet nie. Dieselfde Gees wat die preek gegee het en wat dit vir **die predikant** geopen het moet ook die hoorder se hart (begrip en gevoel) ontsluit, oopmaak vir die geopende Woord. Die prediking is die lewende belydenis van die gemeente.

**AANBIDDING ("KOM IN SY VOORHOWE" Prof. Dr JP Jooste)**

**HOOFSTUK 1:** ***WAT IS AANBIDDING?***

Vir ons doel is dit egter noodsaaklik om slegs aandag te skenk aan religieuse aanbidding in die sin van "godsdienstige eer te bewys". In Mattheus 4:10 vind ons 'n woord van die Here Jesus wat baie lig laat val op die saak*:"Toe sê Jesus vir hom: Gaan weg, Satan!, want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien".*

***Die voorwerp van aanbidding***

Uit die voorgaande het dit duidelik geword dat aanbidding beskou moet word as die **bring van godsdienstige eer aan God**. "Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n **enige en eenvoudige geestelike wese** is wat ons God noem:ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed en 'n alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is".

***Die subjek van aanbidding***

Die **mens** is van nature 'n godsdienstige wese, sodat aanbidding nie vir hom iets vreemds is nie maar 'n behoefte van die siel. Die gelowige moet homself ken as begenadigde. Hy het 'n roeping om dankbaar te wees.

***Aanbidding en erediens***

Aanbidding is dus 'n daad waardeur die **gelowiges** bewus tot God nader om in algehele oorgegewen- heid aan God eer te bewys. Maar nooit bestaan die mense op aarde nie soos eenlinge, dit wil sê elk- een afsonderlik sonder **onderlinge verbinding met mekaar** nie. So is daar byvoorbeeld 'n kleiner kring van gelowiges wat ons **huisgesin** noem. So 'n huisgesin vorm 'n onderlinge gelowige geheel en kan byvoorbeeld in die huisgodsdiens as 'n gelowige groep in aanbidding voor God nader. Ons noem dit huisgodsdiens, en die vorme van aanbidding by sulke geleenthede word gewoonlik bepaal deur die hoof van die huisgesin self. Dit is 'n besondere vorm van **gemeenskaplike aanbidding**, wat ons dan huisgodsdiens noem. Daar kom egter 'n ander vorm van **gesamentlike aanbidding** voor, en dit is van 'n **groep gelowiges of gelowige huisgesinne wat saamkom** om te aanbid. So 'n groep van gelowiges of gelowige gesinne **behoort** meesal aan 'n gemeente, en die **byeenkomste** vir aanbidding is dan die van die **openbare aanbidding van die gemeente.** Hierdie soort openbare **samekomste** van 'n gemeente noem ons eredienste**.** Dit is dus 'n **byeenkoms** van gelowiges met die doel om **gesamentlik in aanbidding** tot God te nader.

## HOOFSTUK 2: DIE VORME VAN DIE EREDIENS AS SODANIG

Ons het hier te doen met 'n inhoud wat ver bo die gewoon alledaagse uitstyg, want dit raak die **ontmoeting** van die **gelowige mens** met sy God, voor wie hy hom in algehele oorgegewenheid in aanbidding neerbuig. Dit beteken dus dat ons hier te doen kry met die vorms waarin die mees verhewe handelinge van die gelowige mens aangebied moet word. **In die vasstaande vorme van die openbare erediens lê die eenheid van die kerk weerspieël.** En waar God 'n God van orde is, pas wanordelikhede tydens die aanroeping van sy heilige Naam tog allermins. Gevolglik die **saamvoeging** van die verskillende aanbiddingsvorme in **'n liturgie of 'n vaste orde van handeling saamgetrek om die één doel te bereik.**

### EEN GELEENTHEID WAARBY DIE KERK SIGBAAR GESTALTE AANNEEM. (PROF GJC JORDAAN)

Dit is, om Calvyn se woorde te gebruik, daar waar "die suiwere **prediking** van die Woord en die regmatige bediening van die sakramente" plaasvind. **Kortom: die erediens**.

Die erediens is die een geleentheid waarby die kerk as **liggaam** van Christus gesien kan word. As iemand dan sou vra: "Waar kan ek die kerk sien?", dan behoort ons te antwoord: **"Gaan kyk Sondag daar waar die kerk in die erediens saam is."**

– In die erediens is die kerk sigbaar **saam** as **'n vergadering** van hulle wat aan die Here **behoort**.

– In die erediens word die gelowiges **saam voor die aangesig van die Here gestel** om hulle **saam** te onderwerp aan sy Woord in die **prediking** en sakramente.

– In die erediens buig die gelowiges **saam** in eerbiedige onderworpenheid voor die Here,

– bely hulle **saam** hulle afhanklikheid van Hom, – sing hulle **saam** die lof van sy Naam.

Satan, die teëstander van God en sy kerk,…..probeer die erediens **vervals.** Sulke vervalsing… kom, helaas, gewoonlik **van binne**. Vervalsing van die erediens kan baie gestaltes aanneem. ….Die gevolg van so 'n toestand is **'n verdere vervalsing van die erediens**. Want in plaas daarvan dat ons harte teruggebring word na dit waarmee ons in die erediens besig is, probeer ons die **erediens aanpas** om by ons eie harte te pas. Ons probeer die **prediking vervang** met 'n gesprek tussen lidmate, onbewus daarvan dat **die hele erediens** inderwaarheid **'n gesprek is tussen God en sy gemeente**, en dat dit Hy is wat **in die prediking** aan die woord is. Ons

probeer op allerlei kunsmatige maniere 'n aangename atmosfeer skep, onbewus van die lieflike geur wat daar uitgaan van **die ontmoeting van God met sy verbondsvolk**. Ons probeer die mens al meer op die voorgrond en God na die agtergrond verskuif. Veral in hierdie moderne eeu waarin die mens die middelpunt van alles geword het, is die versoeking groot om die erediens **in diens van die mens** te stel.

## DIE EREDIENS AS GEMEENSKAP / KOINONIA (AC BARNARD)

### 1.'n Nuwe verhouding en 'n nuwe gemeenskap

Die **ontmoeting met God** en die lewende gesprek en die bemiddeling van Christus se heilsgoedere maak die gemeente bewus van die nuwe verhouding tot God of die herstelde verhouding van die gemeente tot sy Here. Hier onder die gebeure wat **in die erediens** afspeel, word mense nuut, word die gemeente vernuwe en word hy hom bewus van sy nuwe posisie voor God. Hierdie nuutwording en die **belewing van die wonderlike gemeenskap met die Here**, het konkrete konsekwensies vir die lewe van die gemeentelede onderling. Hulle word bewus van en belewe 'n nuwe gemeenskap onderling. **Daar gebeur iets wat veel meer is as die som totaal van 'n aantal enkelinge wat saam is**. **Hier staan ons voor die wonder van die nuwe gemeenskap, die koinonia, die nuwe verhouding van die volk van God.**

Hierdie nuwe gemeenskap kom nie slegs tot uitdrukking na die erediens nie, **maar *in* die erediens**. Dit is ook nie iets wat slegs by sekere elemente na vore kom nie, **maar loop dwarsdeur die hele diens en moet deur elke element tot uitdrukking kom.** Ons kan sê die deelname aan Christus in die erediens "die sin van die hele erediens beskrywe" (W. Stählin).

### 7. Die gemeenskap en die hele gemeente

As ons praat van die eenheid van die gemeente wat so nodig is vir die gemeenskap, spreek dit vanself dat dit ook die kinders insluit. **Vandag word so maklik die kinders vir 'n groot deel van die diens uitgeneem en kom hulle op hulle eie byeen**. Ook deur die opset van die erediens is die kinders uit die eredienste verdring. Tereg wys F. Mehrtens op ons groot inkonsekwensie ten opsigte van die kind in die erediens: *"In de samenkomst van het huisgezin des Heren behoort het kind zijn volwaardige plaats te hebben. Thuis heeft het die plaats tussen zijn ouders en broer en zus, met wie hij aan een tafel de maaltijd gebruikt, waar het zijn deel krijgt uit alle schalen en deelneemt aan alle gesprekken, niet als volwassene maar wel als volwaardig lid van het gezin.* ***Vreemd:*** *wat wij thuis, in het 'afgeleide huisgezin' als vanzelfsprekend onderhouden, dat hebben wij in het oerbeeld van het huisgezin, in de*

*samenkomst van de gemeente des Heren, allengs verwaarloosd. Feitelijk hebben we gezegd: Jij hoort er niet bij, want je bent nog maar een kind."*

## DIE WONDER VAN DIE EREDIENS

**(Prof Dries Du Plooy Kerkblad Oktober 2020)**

Tog bly dit 'n Bybelse waarheid dat absoluut niks die erediens kan vervang nie. Die kerk, die gemeen-te van Christus, word gesien in die erediens. Daar kom die merktekens van die ware kerk tot openba-ring **(vgl. Art. 29, NGB** *supra*).

In die Bybel word 'n groot aantal beelde vir die kerk gebruik. Het dit u al opgeval hoeveel van hierdie beelde juis die element van **saamwees of saamkom** bevat? Dink byvoorbeeld aan die beeld van die **kudde**. Dit sien op 'n **trop skape of ander diere wat saam is** rondom 'n gemeenskaplike eet- of drinkplek. 'n Skaap wat van die kudde af gedwaal het, is nie meer deel van die kudde nie en moet gesoek word. Dink aan die beeld van die **liggaam**. Die verskillende liggaamsdele leef tog nie afsonderlik en apart van mekaar nie. Dit is eenvoudig **ondenkbaar**. Dan is dit nie meer 'n liggaam nie. En dink aan die beeld van die **volk** van die Here. Waar kom die gedagte van 'n volk meer tot sy reg as waar die **volk** **bymekaar** is vir een of ander feesgeleentheid? So het die **volk** van die Here in die Ou Testament hulle volk-wees veral beleef met die feestye in Jerusalem. So behoort die erediens op Sondag niks minder te wees nie as 'n feesgeleentheid van die **volk** van die Here. Die kerk is die **gemeenskap** van die heiliges. So bely ons dit elke Sondag. Die Griekse woord vir kerk is dan ook ***ekklesia*** wat letterlik beteken "**uitgeroep"**, afgesonder uit die ongelowige wêreld. En dan is daar die baie gedeeltes waar so duidelik die vreugde uitgejubel word om na die **huis van die Here** te kan opgaan.

So sing **ons** in **Psalm 122:**

"Ek was verheug toe die geluid weerklink

het bo die ruimtes uit: Kom, laat **ons** optrek hiervandaan,

om na die Heer se huis te gaan!"

En in **Psalm 100: 3** (berymd) jubel **ons** dit uit:

"Gaan deur sy poorte in met lof, met lofsang

in sy tempelhof; kom in sy huis, o **bondsvolk**

**saam**; verhef sy lof en prys sy Naam".

**Ons** kan ook dink aan die lieflike **Psalm 84**:

"Hoe lieflik is u wonings, Heer der leërskare! Hoe begeer
my siel en hunker van verlange om na Gods woning
op te gaan en in u tempelpoort te staan met
jubelende lofgesange. My hart en vlees, o God,
roep luid tot U wat leef, verlangend uit."

Van die eerste gemeente in die Nuwe Testament, ná die uitstorting van die Heilige Gees, lees ons in **Handelinge 2:42, 44, 46**: "**Hulle** het bly volhard in die onderrig van die apostels, die **ONDERLINGE VERBONDENHEID**, die breek van die brood en die gebed … Al die gelowiges was **bymekaar … Saam** het hulle volhard om die **tempel** daagliks te **besoek**, aan huis die brood te breek en hulle maaltye met blydskap en met opregte harte te geniet."

**EREDIENS** is die **mees intieme gemeenskap** met ons God en hemelse Vader en met mekaar.

Die erediens is 'n heilige **ontmoeting** tussen **God en sy volk** wat Hy vir Hom in Christus uitverkies en verlos het. En deur sy Gees het Hy by **ons** kom woning maak. Ons lees in **Lukas 1** dat Sagaria sing: "Geloofd sy die Here, die God van Israel, omdat Hy **sy volk** besoek en vir hulle verlossing teweeggebring het." Dit is hierdie wonder van God se genade in Christus wat **ons** elke Sondag op 'n besondere manier ontvang en ervaar as **Hy ons hier in die erediens ontmoet**, as **ons, ons** geloof mag bely, mag sing tot sy eer, tot Hom mag bid op grond van die soenverdienste van Christus, na sy heerlike evangelie van verlossing en genade mag luister, en deur Hom geseën mag word (***soos dit slegs in die erediens gebeur***). **Hier trek alles saam**. Hier ontvang ons uitsig en perspektief in tye van druk en onsekerheid. Hier ontvang **ons** die versekering van God se almag en regering, sy majesteit en heerlikheid, ook in die wêreld van 2020. Hier beleef **ons** die wonder van sy kerk en die rykdom van sy **verbond**. Dit moet altyd weer die hoogtepunt van **ons** lewe wees. As **ons** die erediens so beleef, word **ons** hele lewe 'n fees.

**DIE EREDIENS (Prof. Dr. AC Barnard)**

**8. Die deelname aan die erediens**

Vir die verstaan van die wese van die erediens moet gelet word op wie die erediens voltrek, wie die deelnemers daarvan is. Dikwels is hieroor baie onduidelikheid en misverstand.

**8.1 Die Groot Subjek van die erediens**

God is nie alleen die Inisiatiefnemer by die erediens nie en Hy is nie alleen die Een wie se werk die erediens moontlik maak nie, maar Hy bly van **begin tot einde** die eintlike Subjek **van die erediens**. Hy is die **Deelnemer aan die erediens** as 'n gesprek. Hy maak **die diens** moontlik**, roep op** daartoe, gee daaraan die **sin en betekenis** en dit is tegelyk **Hy wat handelend deelneem aan die hele diens**, **van begin tot einde**. Daarom is dit van so geweldige betekenis en is dit nie maar 'n onderonsie van die mense nie. Die Drie-enige God as Subjek in die erediens **neem** veral **deel** in die Persoon van Jesus Christus as die Middelaar en Hoëpriester. In Hom het God onder **ons** kom woon en werk en Hy is die **sametrekking** van hierdie liefde en genade. In en deur Hom het daar versoening en vrede met God gekom. Hy is die Trooster, Hy is die Hoëpriester wat met al ons swakhede bekend is; Hy is die handelende Persoon wat aan **ons handeling** in die erediens sin gee.

**8.2 Die gemeente**

Die deelnemers aan die erediens is verder die **gemeente** van Jesus Christus, die **gedooptes**, die getroues, die **volk** van God. Daar bestaan 'n **binding** tussen hulle en die Here en hierdie binding bring hulle **saam** en laat hulle **deelneem** en die **hele deelname is gerig op Hom met Wie en tot Wie hierdie omvattende binding bestaan.** Alles word saamgevat in die wonderlike voorreg en tegelyk diepe geheimenis van die **verbond**. In die eerste plek gaan dit om die gemeente wat die subjek is. Dit is **hulle wat byeengekom** het vir 'n bepaalde doel.Waar dit die gemeente is wat aan die erediens deelneem, spreek dit vanself dat dit die **hele gemeente omvat**. Dit raak al die belydende lidmate, mense wat na noukeurige onderrig en selfondersoek gekom het om te verklaar dat hulle aan Christus behoort, Hom as die Here en Hoof van die kerk en van hulle lewens erken. Hierdie erkenning vind sy uitdrukking daarin om Hom te aanbid en te dien en in hierdie geloof opgebou te word deur Woord en sakramente. Nie genoeg kan dit beklemtoon word dat die **erediens die saak van die gemeente is nie, en nie slegs van 'n deel of 'n verteenwoordiging of 'n geraamte van die gemeente nie**. E. Silomon stel dit duidelik: *"Die erediens as sentrale gebeure van die gemeente impliseer die totale betrokkenheid van sy lidmate by hierdie gebeure."* **Die liturgie is die werk van die hele kerk.**

**Die hele gemeente sluit inderdaad die kinders van die gemeente in**. Hulle staan in die **verbond**, is **gedoop en groei op in** die dampkring van God se genadige verbond. Om baie

duidelike redes mag hulle nie nagmaal gebruik voor hulle belydenis van geloof nie, maar hulle mag en moet as **volwaardige lede die hele diens meemaak**. In die vroeë kerk is daar drie groepe persone wel tot die eerste deel van die erediens toegelaat, maar hulle moes voor die belydenis en gebede en dus voor die nagmaal die erediens verlaat die *missa catechumenorum* (die drie groepe was: kategumene, boetelinge en onkundiges). Dit is onnodig, want die erediens in sy geheel het 'n boodskap en hulle kan veel van die bedoeling daarme geïllustreer sien in die wyse waarop die gemeente die nagmaal vier. **Tans kry ons weer iets van die sogenaamde *missa catechumenorum* in dié sin dat die kinders in baie kerke en dienste net die eerste deel van die diens bywoon en voor die preek na 'n aparte lokaal gaan waar hulle 'n ander tipe woordbediening ontvang. Hulle verlaat dus die gewone diens voor die preek en nie slegs voor die nagmaal nie. Dit is om baie redes af te keur, want daardeur word die eenheid van die gemeente verbreek en die besondere betekenis van die erediens word misken, en 'n baie belangrike deel daarvan word gemis. Wat agterna in 'n vorm van onderrig of vertelling gebied word, kan nie hierdie gemis vergoed nie. So leer die kinders die erediens nie verstaan nie, maar juis misloop en plaasvervangers daarvoor vind. Waar die kinders uit die diens verwyder word omdat hulle nie sou kon verstaan nie, versterk dit die dat die diens slegs afgestem word op die volwassenes en kan dit dus maklik intellektualisties word.**

**8.3 Die besondere ampte**

Die besondere ampte is dus ook deelnemers aan die erediens, maar hulle staan nie in die weg van die gelowiges nie; hulle is nie middelaars of tussengangers nie, maar voorgangers, leiers. In 'n besondere sin kan ons sê die **liturg is die mond van God by die volk**. Hy moet nougeset luister na wat God in sy Woord gespreek het en dit onverkort oorbring na die mense van vandag sodat hulle opnuut **God se eie Woord aan hulle hier** en nou kan hoor. **Dit geskied veral in die Skriflesing, die prediking, die absolusie. Maar dit is ook nodig dat die liturg die mond van die volk by God moet wees om hulle besondere node en behoeftes en hulle hele lewe voor te dra.**

Aan die saak van die teenwoordigheid van Christus in die erediens kan daar afbreuk gedoen word op baie maniere: Hy kan net teenwoordig geag word by die nagmaal, **maar nie deur die hele diens nie**; of daar kan in die opset en verloop van die erediens **nagelaat word** om met Sy teenwoordigheid **rekening te hou** - daar kan naamlik oor Hom gepraat word en teenoor Hom gehandel word **asof Hy nie daar is nie**. Wat die werking van die erediens betref, is dit duidelik dat daar so min aan gedink word dat dit Hyself is wat in die erediens aan die werk is; daarom word daar soms so min verwag van die erediens - deur die ampsdraers sowel as die lidmate. Die teenwoordigheid van Christus in die erediens, die eenheid met Christus,die *unio cum Christi,* word wel *bely,* maar die waarheid word so min en so gebrekkig *beleef.* Dit spreek vanself dat waar daar op enige manier afbreuk gedoen word aan die persoon en werk van Christus, **daar nie 'n ware besef van Sy teenwoordigheid in die erediens** is nie en dat dit noodwendig tot loëning en bestryding van Sy teenwoordigheid lei

## DIE VERHOUDING VAN SKRIFLESING, PREDIKING EN GEBED EN DIE EREDIENS (BJ De Klerk)

Die Heilige Gees skep deur middel van die verskillende handelinge ’n verhouding tussen elkeen van die handelinge en sorg vir die **eenheidslyn wat dwarsdeur die erediens loop**, naamlik die ontmoeting van God met sy volk. Die Gees roep deur die Woorddiens (die Skriflesing en die prediking) die gebed in die hart van die gemeente wakker. Daar bestaan dus **sterk band** tussen Skriflesing, prediking en gebed in die erediens. Die primaat van die Skriflesing in die erediens bring mee dat prediking en gebed alleen op grond van die Skriflesing kan plaasvind (Clemens, 2006:27). God het sy genade in die gestalte van die Woord bekend gemaak, en in die suiwer prediking kom God se woorde in mensewoorde na die gemeente (Pieterse, 2005:417). Christus is **in die prediking teenwoordig** en Hy handel daarin. **Prediking is** daarom nie bloot ’n gesprek oor God nie, maar dit is God Self wat deur die boodskap en die gawes van die prediker werk. ’n Skrifgedeelte is nie behoorlik gehoor en verstaan as sy verband met die aktuele konkrete situasie in die gemeente nie herken is nie. Die kommunikasievraag in die prediking word daardeur bepaal of die mense God deur die mond van die prediker met hulle hoor praat het. Prediking is in hierdie opsig ’n **knooppunt** in die erediens (De Klerk, 1987:301).

Die **Heilige Gees** is in die Woorddiens en in die diens van die gebede werksaam. Tog staan die Woorddiens en gebede nie op ’n presiese gelyke vlak nie. Die gebed het, ten opsigte van

die Woord- diens, ’n dienende funksie. Omdat die Heilige Gees op dieselfde verligtende wyse in die prediking en gebed werk (nie deur inspirasie soos by die Skrif nie) en omdat sowel die prediking as gebed belydenisdiens is (nasê van die Woord) en omdat die prediking en gebed, anders as die Skriflesing, die gemeente se verantwoordelikheid is, het die prediking en gebed, in liturgiese sin, gelyke status(Troeger, 2006:1242). Die een handeling in die verhouding Skriflesing, prediking en gebed vloei uit die ander voort en die een handeling roep die ander op. Daarom kan daar van ’n **kousale verhouding** gepraat word. Die Skriflesing is die een selfstandige handeling en die ander twee staan in ’n **kousale verhouding** tot die Skriflesing, want die Skriflesing is wesenlik openbaring: Skriflesing baar prediking en gebed (Wethmar & Brand, 2006:812). Die prediking en gebed staan liturgies in ’n gelyke verhouding met mekaar en daars daar  wedersydse wisselwerking van die een op die ander. Die prediking, as belydenis, wek gebed as aanbidding en die aanbidding roep weer belydenis op (Maré, 2005:1283).

Samevattend kan die verhouding van gebed met die Skriflesing en prediking soos volg weergegee word: Die verhouding van Skriflesing, prediking en gebed, bewerk deur die kragtige werking van die Heilige Gees, is ’n **kousale verhouding** van gemeenskap met God in Christus met sy vergaderde gemeente, deur openbaring tot belydenis en aanbidding (De Klerk, 1987:316).

Die erediensgebed is by uitstek ’n pneumatologiese werklikheid: die gebed is ’n gawe van die Heilige Gees. Die Gees bewerk die allerintiemste verhouding tussen die bidders en Christus en so met God die Vader en dit is die trinitariese grond vir die erediensgebed. Gebed is die geestelike intree in God se heiligdom, die regstreekse aanspreek van God, die belydenis van die bidders en die belangrikste deel van hulle dankbaarheid. Dit gaan in die gebed bo alles om die eer van God. Elemente van die erediensgebed sluit eerbied en bewondering vir God (lofprysing) in en dankbaarheid teenoor God (danksegging), sondebesef en berou (verootmoediging en skuldbelydenis), smeking (wat selfs ’n klaaggebed kan wees), afhanklikheid en Christelike liefdesgesindheid (voorbidding).

## DIE HEILIGE GEES EN DIE SKRIFLESING IN DIE SAMEKOMS VAN DIE GEMEENTE (B.J. DE KLERK)

### 1. Probleemstelling

In die bymekaarkomplek van gemeentes is die **kanselbybel** een van die mees deurslaggewende simbole: "Die groot Kanselbybel wat op die kansel lê (herinner) ons (saam met die kansel) simbolies aan die **primaat van die Skrif in ons erediens**" (Vos & Pieterse, 1997:124). Nie-verbale kommunikasie is ingebed in die handeling waarin **God regstreeks aan die woord kom** – kommunikasie wat ons "Skriflesing" noem. Hierdie kommunikatiewe handeling in die samekoms van die gemeente staan in 'n **kousale verhouding** tot die ander handelinge. Dit beteken dat hierdie een handeling die ander **oproep** (De Klerk, 1987:315). Die verhouding van Skriflesing tot die ander handelinge van die samekoms, bewerk deur die kragtige werking van die Heilige Gees, is 'n **kousale verhouding** van die gemeenskap van God in Christus **met sy vergaderde gemeente**. Hierdie verhouding word gebou **deur openbaring** wat bring tot belydenis en aanbidding (De Klerk,1987:316).

Die Heilige Gees gebruik die Skrif om die **brug** tussen God en gemeente en gemeentelede onderling **te bou**. Waarom maak die Gees juis van die Skrif gebruik en hoe maak Hy daarvan gebruik? Watter **kraguitoefening** het die Skriflesing op die samekoms van die gelowiges en hoe kan leser en hoorder onder die kragtige werking van die Woord kom? Wat doen die Gees terwyl die gemeente die Woord van God aanhoor?

Hierdie vrae is vandag aktueel omdat die gemeente "erediens" kan vier, sonder om in die teenwoordigheid van God te wees. **Die werklikheid van God in die samekoms, die Bybelse spiritualiteit word nie net uitgewis deur wettiese prediking nie (Cilliers, 1996:108) maar veral ook deur die onderspeling van die kommunikatiewe handeling waarin God regstreeks met sy gemeente praat.**

Deur 'n oorsig van die ontwikkeling van Skriflesing in die **Ou-Testamentiese, sinagogale en Nuwe-Testamentiese erediens** te verkry, kan sekere beginsels vir die Skriflesing afgelei word. Die betekenis en plek wat Skriflesing in die eerste eeue na Christus, in die sestiende-eeuse Reformasie en in die twintigste eeu gekry het, kan meehelp om uiteindelik 'n antwoord op die wesensbelangrike vraag te verkry, naamlik **watter krag** oefen God deur sy regstreekse spreke in die samekoms van die gemeente uit? Indien daar vanuit eksegetiese ondersoek en die ondersoek van die kerklike tradisie 'n basisteorie verkry sou kon word, en vasgestel kan word wat die stand van Skriflesing deur die eeue is, moet op praktyk-teoretiese vlak gesoek word na

moontlike riglyne waarop die Skriflesing, as spreke van God, as **belewing van God se teenwoordigheid in die samekoms**, geherwaardeer kan word.

**DIE HEILIGE GEES EN DIE PREDIKING IN DIE EREDIENS (BJ DE KLERK)**

*Die vraag wat in hierdie artikel ondersoek word, is **hoe die Heilige Gees in die aksie van prediking en die uitwerking daarvan teenwoordig en werksaam is**. Die Gees versterk die boodskap en be-werk die sekerheid **in die predikers** dat die Gees die regte gehoor vir die woorde van die **prediking** skep. Christus as die brandpunt van die prediking word deur die gemeente in sy **ontmoeting** met God toegeëien en gehoorsaam**. Prediking** moet die lyne van die teks via die sentrale inhoud van die Skrif na die mens in die hede deurtrek. Die gemeente moet deur die beoefening van **die gawe van die profesie** die **prediking** in die konkrete lewensituasie toepas. Prediking en gebed staan in 'n **kousale verhouding** tot Skriflesing, want Skriflesing roep prediking en gebed op. Prediking as belydenis wek gebed as aanbidding en die aanbidding wek weer belydenis op. Hierdie **kousale en wisselwerkende verhoudings** is lewend en kragtig deur die dinamiese werking van God die Heilige Gees, wat **gemeenskap** tussen God en die gemeente in Christus deur hierdie handelinge **bewerk**.*

**DIE EREDIENS IN SY VOORLOPIGE EN EWIGE GESTALTE (A. C. BARNARD)**

Die erediens is nóú reeds 'n volle werklikheid. Hierin werk groot kragte. Dit is 'n magtige gebeure wat mense diep raak en groot aksies tot gevolg het. Dit is 'n werklike ontmoeting met Christus, 'n gesprek en die ontvangs van sy heilsgoedere, en dit loop uit op 'n egte aanbidding en 'n lewe van diens en gehoorsaamheid in die daaglikse lewe.

Ons moet ook sê dat die wete van Christus se teenwoordigheid en die belewing van die gemeenskap met Hom en met mekaar is nog voorlopig en so gebrekkig.

Alle werksaamhede van die kerk hou aan tot by die wederkoms van Christus en herstel van alles deur Hom. Wat die erediens betref, gaan dit dán eers in vervulling. Hierdie vervulling, hierdie, eindgestalte van die erediens, moet steeds die blikpunt en die leidster wees vir die inrigting van en volharding in die erediens hier in die gewone lewe.

Die werklike erediens, die groot erediens van die ganse skare van verlostes uit alle eeue, uit alle volke, stamme, tale en nasies (Openbaring 7:9; 5:9), waar hulle met wit klere aan en met palmtakke in hulle hande sal staan voor die troon van God van die Lam, sal die ware erediens verrig as hulle sê:

*en hulle het met 'n groot stem geroep en gesê: Heil aan ons God wat op die troon sit en aan die Lam! En al die engele het rondom die troon en die ouderlinge en die vier lewende wesens gestaan, en hulle het voor die troon op hulle aangesig neergeval en God aanbid en gesê: Amen! Die lof en die heerlikheid en die wysheid en die danksegging en die eer en die krag en die sterkte aan onse God tot in alle ewigheid! Amen.* ***Openbaring 7:10-12***

Groots en onvoorstelbaar heerlik is dit om telkens te verneem hoe die ewige erediens daar uitsien as die ontelbare skare van skepsels in die hemel en op die aarde God aanbid en 'n nuwe lied sing (Openbaring 4:8-13). Die aardse erediens gaan heerlik oor in die ewige erediens, in die volmaakte erediens van die bruid, in die bruilofsmaal van die Lam (Openbaring 19:7-9). Dan is dit die ononderbroke verheerliking en aanbidding van God in die nuwe lewe, wat soms beskryf word as 'n stad, die nuwe Jerusalem, dan weer as 'n vrou, die bruid van Christus, dan as die nuwe lewe, wat sal wees soos 'n eindelose heerlike maaltyd en 'n onversteurde gemeenskap van die gelowiges met hulle verheerlikte Here, op die nuwe aarde en onder die nuwe hemel (Openbaring 21, 22).

Hoewel nog voorlopig en gebrekkig, is die aardse erediens 'n voorbereiding en inoefening vir die erediens wat kom. Wie dit nooit hier op aarde beoefen het nie, sal dit nie in die ewige erediens kan meemaak nie. Juis vanuit die ewige erediens vind ons die verwagting wat ons staande hou en bemoediging om nie langs die pad te beswyk nie. Hy vir Wie ons elke week in die erediens dien en aanbid, is dieselfde as Wie in die ewige erediens die middelpunt sal wees en alle aanbidding aan die Vader sal oorgee sodat die volmaakte herstel sal plaasvind in die uiteindelike vervulling *"sodat God alles in almal kan wees"* (1 Korintiërs 15:28).

* JAN-HARM VAN JAARSVELD

jh@gouwslaw.co.za

2026/03/24

*************************************************************************